

HOOFSTUK 5.Enkele grondvrae van die laerskool.1. Inleiding.

In die algemeen kan ons die laerskool omskryf as 'n samelewingsvorm waarheen ouers hulle kinders tussen die ouderdomme van 7 en 13 jaar moet stuur om skool-
onderwys en opvoeding te ontvang deur opgeleide
onderwysers en onderwysersesse, wat hierdie taak tot
hulle roeping gekies het.

Die kinders word meesal ingedeel volgens ouderdoms-
groepe in klasse: vanaf graad 1 tot en met standerd 5.

Dis is die eerste konstante samelewingsvorm wat die
kind kragtens skoolpligtigheid vanuit die ouerhuis geduren-
de vasgestelde tye per dag moet besoek in die proses om
hom toe te rus vir 'n eie persoonsoeening.

Die skool vervul sy taak volgens 'n lewens- en
opvoedingsbeskouing, wat bestaan uit die mensbeskouing,
die doelstelling, die inhoud, metode en tug en admini-
strasie en organisasie.

Na hierdie kort omskrywing van wat die laerskool
in die algemeen is gaan ons oor tot die Sosiologiese
struktuuranalise van hierdie samelewingsvorm.

2. Die funderingsfunksie van die laerskool.

Die skool is geen natuurlike samelewingsvorm soos
die huwelik en gesin nie maar ook geen gedifferensieer-
de samelewingsvorm soos die kerk, staat en bedryf nie;
intendeel, die skool is 'n kunsmatige instelling van
mense wat ontstaan het as die vrug van die ontwikkeling
van die kultuurlewe¹⁾ en besit sy eiesoortige struktuur.

1. Coetzee, J. Chr.: "Skool: Huis, Kerk, Staat" in Roers
in die Kerk, deel I; artikels versamel deur die
Federasie van die Calvinistiese Studenteverenigings
in Suid-Afrika. Pro Ecclesia-Boekery, Stellenbosch,
1935; p. 324.

Die skool is dus histories gefundeer as gevolg van die stigtingsaktiwiteit in die geskiedenis van die menslike samelewe soos die differensiëringsproses hom voltrek het. Met ander woorde, onder die klem van die historiese ontwikkelingsnorm het die reaksie van die progressie op die tradisie t.o.v. die onderwys en opvoeding tot gevolg gehad die stigting van die skool.

In hierdie kader wil ons aan die hand van 'n paar aanhalings aantoon dat die teoretiese denke oor die menslike samelewing, en dus ook oor die skool, gebonde is aan tyd en plek en 'n reaksie is op die empiriese werklikheid. Die sosiologiese denke in die algemeen, en dus ook oor die skool, word baie sterk beïnvloed deur die sosiale milieu in sy historiese bepaaldheid.

a. „In the past, education was largely a matter of tradition²⁾; en : „With some minor exceptions, elementary and vocational schools are a product of the past century and a half³⁾.

In die historiese kring het ons te make met die kultuurentwikkeling, dus met tradisie en progressie uit die onderwys- en opvoedingswerkswaardheid van die ouers in hulle persoonlike kontak met hulle kinders t.o.v. die basiese opvoeding van die kind soos om te leer praat, om hom op aanvaarbare wyse te gedra en om materiële voorwerpe te verwerk om in sy eie behoeftes te voorsien. Hierdie verhouding, leiding en arbeid is dus ook die produk van een van die funksies van die huisgesin in ons kultuur. Die tradisionele in die kultuurentwikkeling

2. Dobinson, C.H.: Education in a changing world, p.111.

3. Rose, A.H.: Sociology. The study of human relations; A.Knopf, New York, 1956; p. 144.

was die konserwatiewe, die behoudende element, wat die toentertydse mensdom t.a.v. die opvoedingshandeling bevredig en beveilig het.

Die mens kan egter nie by tradisie alleen bly staan nie: daar is sosiale verandering en ontwikkeling in die geskiedenis van die mensheid. In die geleidelike proses van progressie word sekere elemente van tradisie aan die hede gekoppel met die oog op die toekoms gerig.

Reu blyk dit uit die geskiedenis dat met die uitvinding van die stoommasjien deur die inspanning van wetenskap en tegniek, wat die Industriële Rewolusie ontketen het, en met die verdere tegniese uitvindinge en wetenskaplike ontwikkeling, die aanvang van die groot industriële onderneming met kapitalisme, sy verdere stoot vorentoe gekry het.

Die gevolg hiervan was dat feitlik oor die hele Westerse wêreld die vrugte van die tegniese uitvindinge, ontdekkings en wetenskaplike ontwikkeling gepluk en gesmaak is. Dit was 'n tydgees wat nie in die lug was nie maar in die menslike samelewing. Ook die mynbedryf met steenkool, goud en diamante sou weldra volg en intensief ontplooi. Groot skaalse plattelandse ontvolking het plaasgevind. Die trek na die groot dorpe het begin; stede ontstaan, met maatskaplike ontsporings, wat andersyds die landelike aard van die samelewing verander het met die opkoms van die fabriekstede en die voorsiening in die menslike lewensbehoeftes t.a.v. behuising, higiëniese toestande, ens., en andersyds die ekonomies produktiewe gesinsfunksie ingrypend gewysig het.

Hoewel die fabrieksbase van die groot ondernemings onvoorbereid en onmagtig was om die maatskaplike wantoestande die hoof te bied weens die plotselinge van die kultuurontwikkeling, word ook die jeug saam met hulle moeders deur fabrieksarbeid geëksploiteer.

Die sosiale verandering deur die kultuurontwikkeling het nie net gevra om differensiëring en spesialisering in die fabrieksarbeid nie, maar ook die ouers kon die onderwys en opvoeding van hulle kinders nie meer behartig nie en het dit verwaarloos.

Die faktore vir die stigting van die skool is kortliks die volgende:

- a. Die roepingsbesef van die ouers gedring deur die doopbelofte het gelei tot die stigting van die skool om die intellektuele opvoeding van hulle kinders te behartig vir 'n taak en roeping in die lewe ⁴⁾. Die skool ontstaan dus uit die ouerhuis.
- b. Die stigtingsaktiwiteit van die skool het geskied op grond van saambundeling van kaptelike moontlikhede van die lewe; d.w.s. kultuurontwikkeling vra om differensiasie en spesialisasie van roepings vir mense.
- c. Onder die klem van die ekonomisme (19de eeu) - die ekonomiese behoefte en tegniese ontwikkeling wat ontstaan het, - vereis die opleiding nou spesialisasie in vaardighede.
- d. Die huisgesins was nie meer in staat, ongewasse en toegerus om te voorsien in die onderwys en opvoeding van hulle kinders om aan die eise en behoeftes van 'n veranderende komplekse samelewing te voldoen nie.

4. Vgl. Van Dyk: Mens en medemens, p. 92-93;

vgl. Young, K.: An introductory sociology, p. 222.

Samenvattend beskou, staan die ontstaansgeskiedenis van die skool in saamhang met sy bestemming en as aanvulling en afroeiing van die gesinsoopvoeding in die teken van die beginsel van soewereiniteit in die kring.

3. Die bestemming van die laerskool.

Die skool onderskei hom van die gesin, kerk, staat en bedryf deur sy kwalifiserende funksie. „Die skool het geen ander roeping as dié van onderwys en opvoeding nie: die wese van die skool sal altyd bly die onderwys wat dit gee, en daardeur word dit ook 'n inrigting vir opvoeding, want alle onderwys werk opvoedend“¹⁾.

In die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid is daar ook differensiasie van roeping, wat soos volg toegelig kan word:

a. Die huisgesin is 'n intieme liefdesgemeenskap tussen ouers en kinders op die grondslag van die bloedsbande na die norm van die onderlinge liefde, wat die ouers 'n taak en roeping opleë. Hierdie roeping is die hoogste doelstelling in die bestemming van die gesin, nl. om die liefde, die liefdesverhoudings tussen die gesinslede meer en meer na binne te verwesenlik en te verwerklik. Maar ook na buite word die verhoudings wat binne die gesin onder die liefdevolle gaisleiding van die ouers gevoed en gekoester word, diensbaar gemaak aan die samelewing.

b. Die kerkinstituut is 'n geloofsgemeenskap op die grondslag van die geopenbaarde woord van God wat die kerklidmate 'n roeping volgens die groot gebod (liefde tot God en liefde tot die naaste) opleë. (Ook hier is die kerklidmaat die aksiesentrum in die geloofsgemeenskap, wat sy hoogste roeping in die bestemming van die kerk vind, nl. die toenemende verwesenliking van die

1. Coetzee, J. Chr. in Roers in die krisis, deel 1, p. 324.

groot gebod, om eendelik elke oomblik en orals reformorend op te tree. c. Die staat weers is 'n regsgeleenskapp wat die regsverhoudinge tussen overheid en onderdane reël op die grondslag van die georganiseerde swaardmag. Die hoogste roeping van die staatsburger as aksiesentrum in die bestering van die staat is om 'n norm- en wetsgehoorsame burger te wees. Dit is duidelik dat die gesin 'n intieme liefdesgemeenskap, die kerk 'n geloofs- en die staat 'n regsgeleenskapp is en dat die roeping in die bestering van elkeen verskil. Dit hang saam met die amp van elke onderskeie samelewingsvorm en die besondere soort gesagstruktuur wat die is aan elke amp en dus die samelewingsvorme daarvolgens kleur.

Die onderwys wat ouers aan hulle kinders gee, kan ook kerklik wees, maar dis spesifiek die roeping van die predikant en die kerkinstituut volgens sy konfessionele aard.

Op dieselfde wyse voer die ouers nog hulle kinders op, maar die verstandelike is oorgedra aan die skool met sy spesifieke amp, nl. die akademies-professionele of net professionele opgesag waaroor die onderwysers beskik. More en Cole stel dit só: „in addition to the school, other institutions supply much material to the thinking process, but it is an especially central function of the school to do so" ²⁾. Die hele struktuur van die skool as sekondêre samelewingsvorm word gekleur deur die taak en roeping van die onderwys en opvoeding. In die lig van die aanbring van kennis en vaardigheid bereik die skool sy hoogste roeping in sy

2. Moore, C.B. en Cole, M.C. : Sociology in educational practice; Houghton Mifflin Co., New York, 1952; s. 16.

bestemming: om andersyds die kind se oë te open vir waardering van die skoonheidsstruktuur van die skepping in sy karakter- en persoonlikheidsvorming, as aksiesentrum tot die eer van God. Andersyds vorm en onderhou hy deur verantwoordelike bydrae die skoonheidsstruktuur van die skepping volgens sy die normbesef as 'n verantwoordelike mens.

Hieruit lei ons af dat binne die bestemming van die skool net die bybring van kennis en vaardigheid daar 'n interne en eksterne doelstelling is.

Maar op grond van die saangreeping van die leerlinge in die skool òf volgens eudordom òf volgens I.N. òf deur vergelyking van I.N. met klasposisie het ons in sy wese 'n saambundeling van moontlikhede wat by die onderskeie leerlinge 'n veelkleurigheid t.o.v. die „einmalige“ gewese en talente in die groep vertoon. Die taak van die skool of liever, die roeping van ware opvoeding is egte vorming maar ook gesonde groei onder die leiding van bekwaam volwassenes wat beter weet hoe en waarheen die kind moet groei en ontwikkel: 'n heenkai na So deur verantwoordelike karakter- en persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling deur steun en voorbereiding te bied aan die uiteindelijke kulminasie in die geloofsinterpretasie met die analitiese en estetiese interpretasie deur die skool as sekondêre samelewingsvorm.

Die opvoedingsaktiwiteit in die laerskool mond uit in die samelewing. Naas die algemene roeping is daar vir elke eens 'n besondere werkkring of roeping volgens eieaard en aanleg. Die konkrete situasie is dat geeneen in staat is om die variasie in roepinge - d.i. die besondere roepinge ken banaal nie. So groot

soos die groete in die laerskool is, soveel en nog meer rigtinge is potensieel by die individuele kinders aanwesig. Daarom tipies Popma e.a. die bestemming van die skool as "owerloos" 3), nie in die sin dat die onderwys en opvoeding kant nog wal raak nie, maar gelyke geleenthede en die sedelike reg van almal om onderwys te ontvang dra by tot die "owerlose", wat in potensie by die individuele kinders in die groete aanwesig is en waartoe hulle gelei word as voorbereiding vir 'n die taak en roeping in die geskiedenis.

In hierdie kader word die kind doelbewus geplaas in 'n geselekteerde, gesuiwerde, gesistematiseerde en perspektief verruimde lewensmilieu, wat die ontwikkelinggang van die kind in die skool in 'n bepaalde rigting stuur. Die middele wat hiervoor gebruik word, noem ons die leergange of die skoolkurrikulum. Die leergange bestaan uit eyte, daadwerklike lewe van die mens se lewensmilieu oiskoon in 'n gesuiwerde, gesistematiseerde vorm en nie kunsmatige produkte of skoppinge van die vrugb re oensebrein nie.

Samgevat bepaal die struktuurnorm van die skool die normatiewe kard van die roeping en die bestemming van die skool: 'n sekondêre samlewingsvorm, 'n oenskouingsinstatunt wat die struktuur en die skoonheid van die skopping ten aansoue gee vir belewing en tot insig daarvan te kom; die aktivering van die kind om

3. Popma, R.J.: "Opvoeding, onderwys, schoolverbande in Philosophia reformata, 2de kwartaal 1947, p. 93.

Vgl. Finney, R.B. en Heleny, L.D.: An introduction to educational sociology; C.C. Heath & Co., New York, 1934; p. 185.

Coetzee in leers in die Krissis, deel I, p.324-325.

Zorbaugl, R.L.: "Significant books of 1929" in Journal of educational sociology; April 1930, vol. 3, No. 8; p. 510.

Knowles, M.B.: Informal adult education. A guide for administrators, leaders and teachers, Association Press, New York, 1950; n. 8.

hom bekwaam te maak vir sy roeping in die geskiedenis.

4. Die onafskeidelike korrelasie tussen die funderingsfunksie en die bestemming van die laerskool.

Die oonderwys en opvoeding wat deur die laerskool gegee word, is van primêre aard en word bepaal deur die leidende funksie en die funderingsfunksie, waarvan ooreenstemming op die funderingsfunksie gebaseer is. Hiervolgens is die skool dus geen noodverband nie, d.w.s. die laerskool as die vrug van die kultuurontwikkeling het tot stand gekom om te bly, as 'n konstante samelewingsvorm.

Vanaf die stigting van die skool tot op die huidige oomblik besit die skoolstruktuur 'n geskiedenis wat onafskeidelik saamhang met sy bestemming, waarin die primêre funksie opgesluit is.

Vanweë die skool die verlengstuk van die een of ander samelewingsvorm is, beteken dit dat die skool behoeftig het aan beskerming. In die praktyk beteken dit dat elkeen van die voorgenoemde samelewingsvorme, t.w. gesin, kerk, staat of bedryf, eise aan die skool kan stel, ook wat betref die interne organisasie t.a.v. metodes van leerstofaanbiding, ens.

In sy wese is dit 'n aantasting van die funderingsfunksie en 'n byvoegin tot die bestemming van die skool.

Aangesien die skool tot struktuurfunksioneel kriterium die rekreatief-pedagogiese het en gebaseer is op samewerking en wisselwerking in die besondere soort leiding, wat binne die bepaalde skoolruimte gegee en aanvaar word, gedistansieer van die sosio-kulturele lewensmilieu, bied die skoolruimte juis die funksies waarin hierdie samelewingsvorm kan groei en bloei. Vanuit hierdie ruimte besin die skool hom vangende sy taak om tot sy kreatuurlike repte te kom deur die

verhoudinge sowel na binne as na buite te reël.

Die vaagheid t.o.v. die oewerlose bestemming val egter weg, omdat die oewerloosheid juis begrens word deur die funderingsfunksie van die skool as waarborg vir 'n skoolgeskiedenis. 'n Verdere kenmerk van die oewerlose bestemming van die skool lê opgesluit in byvoorbeeld die integrerende kenmerk van die skool, wat die variasie in die stigting van baie skole moontlik maak. Die stigting van uiteenlopende skooltipes bewys egter dat die wesenlike karakter van die skool ontbreek, nl. die funderingsfunksie en die bestemming.

Die wesenlike karakter van die skoolbestemming kan nie met één funksie omvat en begryp word nie, want, sê Popma: „het onderwijs behoort zich uit te strekken over heel de schepping, over elk samenlevingsverband en ieder aspect der werkelijkheid“⁴⁾. In geeneen van die noodverbande vind ons hierdie tipering nie.

Net soos die ander konstante samelevingsverbande elkeen volgens sy aard en wese 'n dinamiese strukturele orde besit, so het ook die skool sy dinamiese strukturele orde volgens sy oorsprong en sy bestemming, wat sy funksies in sy onderwysende taak en opvoedingsdeel bepaal en normatief kleur.

Die verband tussen die opvoedingsdeel met die funderingsfunksie en die bestemming van die skool is dat die doel van die skool opgesluit lê in sy bestemming.

Onder die Christelike opvatting oor die opvoedingsdeel ressorteer die Teosentriese lewens- en opvoedingsbeskouinge, wat almal die God van die Bybel aanvaar.

Daar bestaan egter fundamentele verskille tussen die Rooms-Katolieke opvatting oor die opvoedingsdeel en die van die Calvinisme.

4. Popma: „Opvoeding, onderwijs, schoolverband“, 2de kwartaal, 1947, p. 93.

Vir die Rooms-Katolieke span die kerk die brug tussen die tydelike en die ewige, die natuurlike en die bonatuurlike, die menslike en die goddelike, die sigbare en die onsigbare. Daarom is die kerk die lewende instrument van alle opvoeding ¹⁾.

Daarom bestaan die universalisme van die Rooms-katolieke kerk vandag nog as die allesoorkoepelende kerk- en Skrifgesag, waarsonder ook die skoolopvoeding sonder doel, sin en betekenis is.

Maar op hierdie punt loen die opvoedingsdoel volgens Calvinistiese en die Rooms-Katolieke opvatting uiteen.

Vervolgens wys ons op enkele verskille tussen die Calvinistiese visie en die van die Rooms-katolisisme:

- a. Die Calvinisme (Protestantisme) verworp die Rooms-katolieke kerklike universalisme van die geestelike bloe verwantskap tussen kerk en skool, en bestry dit.
- b. Ons aanvaar in die Calvinisme die openbaring van die Heilige Skrif ontrent die skepping, die sondeval, die banvloek oor die mensheid, die verlossingsbehoefte, die geboorte, lydingsgeschiedenis, die soenoffer van Jesus Christus en die herskepping van die mens teenoor die stigting van die kerk deur Christus self vir die katolisisme, wat ons verwerp.

Die Calvinisme aanvaar die radikale sondeval, die doemwaardigheid van die mens omdat hy in sonde ontvang en gebore word, God en sy naaste haat. Die katolieke verskil hier fundamenteel omdat hulle aanvaar dat die mens nie so diep geval het dat hy van nature niks goeds ^{ad} kan

1. Vgl.: De Hovre: It Katholicisme, zijn Paedagogen, zijn Paedagogiek, v. 415-416.

Oberholzer, C.H.: Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde; Uitgewery J.J. Moreau & Nie, Pretoria-Brugge, 1954; p. 206.

doen nie. „The Fall means simply the rejection and loss of the supernatural life, and left Adam on the merely natural life Human nature was not depraved because of Adam's sin, as Calvin held, but deprived of his supernatural life of grace..... that nature, by reason of Adam's sin, is deprived and wounded, but not depraved; that deprivation is made up for us by a restoration through the second Adam; for 'by his wounds we are healed' 2).

Op grond van hierdie beskouing is die verworpe mens deur die soenoffer van Christus weer aangeneem. Die mens word die bonatuurlike weer doelagtig deur die doop met water en met die heilige Gees, wat in die kerk voltrek word. Die doop is 'n afwassing van die erfsonde, met die kiem van deug weer in sy hart gelê. In en deur die kerk kry ons die voortsetting van die verlossingswerk. Die doel van die opvoeding is 'n binding aan God deur die kerk, wat ook diens impliseer. Daar is 'n innige strowe na die positief-katolieke vormingsideaal.

5. Die Opvoedingsdoel volgens Calvinistiese opvatting.

Teenoor die Rooms-Katolieke standpunt is die opvoedingsdoel volgens Calvinistiese opvatting gegrond op die geloofsoortuiging wat sy stempel afdruk op die hele lewe van sy belyers. „.... het ideaal eener Christelike opvoeding, in huisgezin, in lagere, middelbare en hoër school blijft nu als toen: waarachtige godsvrucht, organisch met oegelyke kennis en echte beschaving (Bildung) verbonden. Zoo vormen wij Menschen Gods; tot alle goed werk toegerust; tot alle goed werk vol-

2. McGucken: „The philosophy of Catholic education" in Philosophies of education; Forty-first yearbook, part 1; p. 259-260.

maaktelijk tegerust" 3). „Waaragtige godsvrug innig verbind met deeglike kennis en vaardigheid, egte beskawing en 'n gesonde liggaamlike ontwikkeling. Na sy doel kan ons die opvoeding, dus omskrywe as die vorming en wording van mense Gods, tot alle goeie werk toegerus, tot alle goeie werk volmaaktelik toegerus" 4).

„Die hele skrif is deur God inggee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid. Die vrees van die Here is die hoogste doel van ons lewe en opvoeding. En dit vind ons alleen by die mens van God wat volkome toegerus is vir elke werk. Die einddoel van die opvoeding omvat dus weer al die nabysynende en verwyderde doelstellinge.

Die aanpassing van die mens aan sy omgewing, die oefening van sy liggaam, die ontwikkeling van sy gees, die vervulling van sy lewensstaak, die gehoorsaamheid aan die owerheid, die vorming en ontwikkeling van sy verstand, sy deugdelike lewe, sy estetiese vorming en ontwikkeling, sy gevormde en gevestigde lewens- en wêreld-beskouing dien alles per slot van rekening weer net die hoofdoel van sy lewe: die vrees van die Here wat hom openbaar in die waaragtige godsvrug. Die religieuse doel is die laaste, die uiteindelijke, die allesomvattende doel van die lewe en opvoeding. Daarin vind die mens sy volkome toerusting vir elke werk op die aarde" 5).

3. Bavinck, H.: Paedagogische beginselen; Tweede herziene druk, J.H. Kok, Kampen, 1917; p. 53.

4. Coetzee, J. Chr.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, p. 33.

5. Idem : Inleiding tot die algemene Empiriese Opvoedkunde; Pro-Ecclesie-Drukkery, Stellenbosch, 1942; p. 283, 284, 285.

Ook Waterink stel die opvoedingsdoel „als die vorming van de mens tot zelfstandige, God~~e~~ naar Zijn Woord dienende persoonlijkheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden, waarin God hem plaatst" ⁽⁶⁾.

In hierdie e.a. definisies en omskrywinge van die doelstelling van die opvoeding is o.a. die volgende opgesluit:

- a. Die doelstelling van die opvoeding in teorie en praktyk stem ooreen met die Calvinistiese lewens- en opvoedingsbeskouing.
- b. Die struktuur van die skoonheid in die skepping van God word die kind in gesuiwerde, gesistematiseerde en perspektiefverruimde vorm ten aan-skoue gegee in die skool, waar die kind die aksie-sentrum is om sy karakter en persoonlikheid te vorm en te ontwikkel volgens sy groeistadia in al sy lewensuitinge.
- c. Verantwoordelike en verantwoorde vorming en ontwikkeling sluit dus ook in verantwoordelike onderhouding en vorming van die skoonheidstruktuur in die skepping, waarvan die geskape mens en kind deel is en waaraan hy deel het deur sy integrasie en vervloegting met die konstante samelewingsvorme, wat neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar staan, elkeen volgens sy struktuurwet, d.i. strukteurnorm met narsiekompleks, waarvolgens die mens arbeid tot die eer van God.
- d. Die opvoedingsdoel word gerig deur 'n Godgegewe roeping

6. Waterink, J.: Theorie der opvoeding; J.H. Bok N.V., Kampen, 1951; p. 114.

aan elke mens waarheen die opgroeiende kind se persoonsroeping met 'n eie keuse en oordeel van 'n normbesef tot verantwoordelikheid gelei word. God gee aan elke mens en aan die kind as individu sy roeping: sosiaal sy gesin, kerk, staat, bedryf en die skool om hom voor en toe te berei om sy plek met beheersing vol te kan staan.

6. Die mensbeskouing individueel en sosiaal.

Die organiese of genetiese opvatting van die opvoeding is gefundeer in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Die mens en die kind is tegelyk 'n individu en 'n sosiale wese. Die mens is 'n religieuse wese, omdat hy na die beeld van God geskape is, en van hom eis God die uitlewing van die Groot Gebod in onderworpenheid, nl.: „Jy moet die Here jou God liefhê met hou hele hart, siel en verstand en met al jou kragte. Die tweede wat hiermee gelykstaan is jy moet jou naaste liefhê soos jouself“. Die mens is dus aan God gebonde met bande van geloof, liefde en diens maar ook tegeskape op sy medemens met bande van naasteliefde, godsdiens, ideale, taal, volk, gemeenskap ens.

Vanuit hierdie kern „heeft God de hele menschen wereld geschapen als een organischen totaliteit“¹⁾, maar dan ook so dat die individue in organiese verband tot mekaar staan soos in die laaste gedeelte van die vorige paragraaf uiteengesit is. Dit gaan om die individu en die groep, die individu en die gemeenskap: die individu en die huisgesin, die skool, die kerk, die staat, die klub en die vereniging, ens.

1. Waterink: Theorie der Opvoeding, p. 510.

Die individu met sy „einmalige“ is telkens lid van en het deel aan die een of ander gemeenskapsvorm en of maatskapsvorm wat nodig is vir sy bestaan, ontwikkeling, vorming en voortbestaan. Die enkeling word gevorm deur die groepsver, en hy onderhou dit deur sy gevoelende en geleuterde gewoontes, talente en aktiwiteite. Maar die enkelinge vorm op hulle beurt weer die onderskeie samelewingsvorme.

Sonder om in besonderhede te tree wil ons dan kortliks aantoon dat ons met die „individu-en-die-groep“ te make het met 'n belangrike opvoedkundig-sosiologiese probleemstelling, soos tevore reeds uiteengesit.

Volgens die beskouing van die Opvoedkundige Sosiologie as struktuurwetenskap word die skool as samelewingsvorm behandel. Dit dra dus afsonderlik volgens sy aard en wese en in sy vervlechting met die ander samelewingsvorme by tot die vorming van die mens tot volledige mens, soos hy is en moet wees as mens in die samelewing ²⁾. Die sosiale opvoeding kan nimmer van die individuele opvoeding losgemaak word nie. Dus die organiese opvoeding van die kind in en deur die skool as samelewingsvorm word gehandhaaf.

Samevattend kan die mensbeskouing van Laterink, die Calvinis, die beste uiteengesit word ooreenkomstig die wysbegrepe van die Wetsidee, waarvan prof. Van Vollenhoven en Dooyeweerd die eksponente is. Hierdie sosiologiese uiteensetting is geen pluralisme in die

2. Ibid., p. 517.

van 'n personalisme soos by Kohnstamm nie waar die wysterige ondergrond van die sosiologie soos gewortel in die Bybel, waarvan die norme en prinsipia in ooreenstemming is met die van die teoretiese opvoedkunde.

In hierdie verband sê rywe skrywers oor die onderwysopleiding dat die opvoeder die siel van die kind moet ken soos die kinderpsigologie hom leer, en ook die samelewing, waartoe die kind kom en waartoe die kind opgevoed word ³⁾.

a. Die opvoedeling: die laerskoolkind.

Die mens is 'n wordende wese t.a.v. sy groei, ontwikkeling en vermyning. Die wording van die mens is 'n langsame en aaneenlopende proses. Mens praat byvoorbeeld van die suigelingsjaar of -jare, van die peuter-, die kleuter-, die kinder- en die adolessentjare ens.

In die opvoeding word die volgende indeling ¹⁾ gemaak om duideliker te onderskei tussen die groei- en ontwikkelingsstadie van die opvoedeling: die voor-skoolse, wat onderverdeel word in die suigelingsjaar, die peuterjare (2 en 3), en die kleuterjare (4, 5 en 6); die skooljare, wat bestaan uit die laerskooljare (7 tot 13 of 14) en die jare van die middelbare skool (13 tot 17 of 18).

Teen die tyd dat die kind die laerskool vir die eerste keer besoek, is sy denk-, instinktiewe of wils- en verstandelike lewe - sy individualiteit en sosiale aanpassing - reeds in so 'n mate ontwikkel dat party skrywers praat van 'n eerste

3. Idem: Inleiding tot die Teoretiese Paedagogiek, deel 1: Die Paedagogiek als wetenskap, p. 197-198.
Vgl. Kohnstamm, Ph.: Individu en Gemeenskap, Baarn, 's-Gravenhage, 1929 vir sy personalisme.
1. Vgl. Coetzee: Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 290-314, en Heyter: Opvoeding en onderwys v.l.s. Bühler, afdeling I, hoofstuk 3.

„adolesse sie". Van besondere belang is die
 jare van gewetensvorming waarvan Goetsee ²⁾
 sê: „Die gewete ontwikkel gelykdelik en word
 gevoerd in die regte rigting. Gewetensvorming
 lê in die aard van die mens. Die mens is van
 nature deur sy skepping as mens 'n redelik sede-
 like wese, met 'n sedelike aanleg, d.i. met die
 kint van die gewete; en wil 'n mens die
 kind sedelik, verstandelik, godsdienslik opvoed,
 dan kan dit alleen omdat daar potensieel, in
 beginsel of kint, in aanvang in hom aanwezig
 is 'n aanleg, 'n gawe waarby die opvoeding moet
 begin en aansluit: die kinderaanleg te weke
 is juis die taak van die opvoeder". Hier
 sluit die opsetlike onderwys van die skool aan
 op die indirekte huislike opvoeding aan te vul
 en af te rond volgens sy eie aard, oorspronk en
 bestemming - dit is die taak en roeping van die
 skool. Waarom en hoe die skool hierdie taak
 van hom ten uitvoer bring om aan 'n gestelde
 opvoedingsdoel volgens lewens- en wêreldbeskouing,
 i.e. die Calvinisties, te beantwoord, is ons
 volgende besprekingspunt.

7. Samestelling van die laerskoolkurrikulum s.

Die verskeie definisies en omskrywing van wat

2. Inleidings tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde.

n. 298-299.

'n skoolkurrikulum ¹⁾ is kan ons die volgende konstateer:-

- a. Die kind word doelbewus geplaas in 'n geselekteerde, gesuiwerde, gesistematiseerde en perspektief verruimde lewensmilieu om sy ontwikkelingsgang in 'n bepaalde rigting te stuur.
- b. Die middels wat hiervoor aangewend word, noem ons die leerplanne of curricula/kurrikulums. Die middels bestaan uit die egte, daadwerklike lewens van die mens se lewensmilieu ofskoon in 'n gesuiwerde, gesistematiseerde vorm, wat nie kunsmatige produkte of skoppings van die vrugbare mensebrein is nie. In hierdie verband sê hys Moore en Cole: „The materials of the curriculum may be said to be selected and idealized. As they are assimilated they become again a part of human culture-broadened and intensified in the life of each member of society because of his own efforts under the leadership

-
1. Vgl. o.a.: Norton, J.K. en Norton, K.N.: Foundations of curriculum building; Ginn & Co., Boston, 1936; p. 548;
 Bessing, N.L.: Dictionary of terms for curriculum workers; University of Oregon;
 Brown: Educational Sociology, p. 308;
 Moore en Cole: Sociology in educational practice, p. 331;
 Beck, R.H.; Cook, W.L.; Kearney, H.C.: Curriculum in the modern elementary school; Prentice-Hall, Inc., New York, 1953; p.2;
 Vgl. ook: Lobbitt, F.: The curriculum of modern education; McGraw-Hill Book Co., New York, Inc., 1941;
 Featherstone, W.B.: A functional curriculum for youth; American Book Co., New York, 1950;
 Arug, E.: Curriculum planning; Harper & Brothers, New York, 1950;
 Giel, Alice: Changing the curriculum: a social process; D. Appleton-CenturyCo., Inc., New York, 1946;
 Association for Supervision and Curriculum Development: Organizing the elementary school for living and learning, 1947, ens.

and guidance of teachers. So it is with skills, knowledge, attitudes and interests The selected portions of human culture, flowing through the life of the school, are perpetuated and enhanced in the life and labor of the pupils.... Under best practices, the contents of the curricula are selected and organized in the light of social experience. Experience is a great teacher" 2).

Die voorgaande aanhaling hou onder meer in dat die leervakke na aard en soort verskillend moet wees, omdat die skool te sake het met 'n verskeidenheid van leerlinge, wat onder die leiding en geskik van die onderwysers die opvoeding, so oë moet oop vir die rykdom van die skoonheid in Gods skepping: die kind moet dit leer en doen om sy plek, sy taak en roeping in die geskiedenis waarvoor hy toeberei word, te kan innem.

Die variasie in die skoonheidsstruktuur van die skopping wat die leerlinge gebied word, word beperk deur die sistematisering en ordening van die leerstof in die leervakke, wat sinvol en samehangend geïntegreerd, gekleur en geskied moet wees.

Hierdie leerstof van die leer- of skoolvakke is in ooreenstemming met die groei- en ontwikkelingsstadium van die kind vir die verskillende grade en standaarde in die laerskool, en dit moet gelêer word: "We must say quite firmly that up to 16 the main concern of boys and girls is learning, not earning" 3).

2. Moore en Cole: Sociology in educational practice, pp. 330, 331.

3. Wollfenden, J.F.: "The Needs of Youth in Sociology and education"; ed. D.L.L. Dymes, Jan., 1943; 2.3..

Leer „wat“ en „hoe“ geleer moet word, is 'n volgende sakk wat ons ernstige aandag vereis, want hiermee betree ons die eise vir die leerstofkeuse, m.a.w. ons denke word hier gerig deur opvoedkundige beginsels, wat in gedagte gehou moet word by die saamstelling van die kurrikulum.

Die eerste eis wat aan die saamstelling van 'n leerplan gestel word, is t.o.v. die lewens- en wêreldbeskouing. Op hierdie grondslag word die keuse van die leerstof vir die opvoeding beïnvloed en bepaal deur die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. M. Reeves stel die saak soos volg: „Are we not seeking a new synthesis at a deeper level between the life of the Community and that of the individual?“ By gee 'n beslissende antwoord op hierdie vraag: „The community must have a Weltanschauung and must be prepared to give its faith to its children; and yet, at the same time, at the heart of that faith there must be the conviction that individuals matter more than groups and must never be enslaved by them all education given by a group is necessarily and rightly religious...“⁴⁾.

Alle opvoeding is 'n heensys en heenlei na God. Daarom sal die keuse van die leerstof in ooreenstemming wees met wat ons bely, nl. dat ons in alles wat ons doen, in ons denke en in ons werke Hom moet ken en Hom moet dien. Hy is die Skepper en Onderhouer van alles; Hy is die Koning van konings, wat sê: Die boeste en duisend berge is myne. As ons 'n indeling op hierdie grondslag maak, is daar religieuse en sekulêre leerstof in die valke vir onderwys en opvoeding: d.i. die

4. Reeves, M.: Growing up in a modern society, p.33-34.

skipping, die lewende en leweloos, mens en diing⁵⁾:
die opvoedingsinhoud is die natuur en die kerktuur.

In saak van met die voorgaande moet die kouse van die leerstof gemak word volgens die opvoedingsdoel, nl. die naby-synde en verwyderde⁶⁾, elkeen met sy besondere doelstellinge, wat dit bepaal, lei en rig. Die leerstof word so gekies om hierdie doelstellinge te verwesenlik; m.a.w. die kind word met hierdie leerstof in staat gestel om te leer en te ken deur effektiewe deelname om hom fisiek, psigies en verstandelik te vorm in sy wisselwerking met die fisiese en sosiale milieu en sy aktiewe inpassing om sy persoonlikheid te vorm en ontwikkel.

Vervolgens skink ons vandag aan die volgende oise t.o.v. die samestelling van die kurrikulum, nl.

die historiese kriterium, die psigologiese, die logiese, die sosiologiese en die beginsel van korrelasie, waar die lig in die ontsat van hierdie studie veral op die sosiologiese val.

Ten aansien van die historiese maatstaf heil ons aan wat Beck, Cook en Kearney sê: „Nevertheless, what we may do to improve the elementary curriculum in the next decade will be influenced inevitably by what has been done in the past⁷⁾. Die implikasie van hierdie stelling is dat die teoretiese opvoedkundige die waarde en gewig van die historiese maatstaf op Christelike gronde aanvoel en aanvaar. Die geskiedenis van 'n saak openbaar die verlede en die hede en is 'n moontlike weg-

5. Goutzée: Inleidings tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde, n. 319.

6. Ibid.

7. Beck, Cook en Kearney: Curriculum in the modern elementary school, n. 3.

wyser vir die taak o.e. Ook by die leerstofkeuse word die geskiedenis geradpleeg, want om aan die historiese norme te voldoen is 'n geleidelike proses en die leerplan kan nóg in sy geheel nóg in 'n beperkte tyd hersien word⁸⁾. Dit wil sê, die histories-Christelike tradisie is 'n beslissende faktor by die keuse van die leerstof⁹⁾, wat revolusionêre veranderings uitsluit. Die wese van die saak is eintlik 'n oënsaai 'n nuwe soort kurrikulum nie (alhoewel dit nodig mag wees) as 'n nuwe soort van onderwys.....¹⁰⁾. Dit wil sê dat ook die opleiding van onderwysers hierby betrokke is.

Van besondere belang is die psigologiese eis by die keuse van die leerstof. By hierdie keuse is die kind ingesluit, omdat hy beheer te het aan kennis en ervaring wat was by die groei- en ontwikkelingsstadie en die aanlegverskeidenheid van die individuele kinders. In die laerskool is daar geen keuse van vakke t.a.v. verstandelike, emosionele, wils- en belangstelling, aanleg nie. Dit gaan om die kind wat leer, en die leerstof is by hom aanvaar in sy algemene vorming.

Die voorgaande eis gold vir sowel die leerstofkeuse as die samestelling van die leerplanne. Die feit moet ogter nie gemaak word om te beweer dat algemene onderwys as deel van die opvoeding in die laerskool

8. Vgl.: Handbook on Curriculum study in Curriculum Series, Bulletin no. 1 December, 1937; Prepared under direction of the Oregon State Teachers Association in Cooperation with the State Department of Education; Rex Putnam, Superintendent of Public Instruction, p. 8.

9. Ministry of Educ. Pamphlet no. 16: citizens growing up at home, in school and after; London: His Majesty's Stationery Office, 1949; p. 10.

Coetzee: Inleiding in die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 326.

10. Vgl. Education in a technological society. A preliminary international survey of the nature and efficacy of technical education; UNESCO, 1952; p. 37.

minder belangrik is omdat kinders nie spesifiek vir beroepe opgelei word nie; intendeel, in ons industriële samelewing, en veral op grond van wetenskaplike ontdekkings en tegnologiese ontwikkelings in ons atoomou van kernfisiese krag lees ons in 'n Unesco-publikasie die volgende belangrike rigtende peiler: „General education, therefore, should not be regarded as „non-vocational“ education, for it has a profound vocational significance in the broadest sense; the distinction should be made between those subjects and topics of general importance which form the background of every student's education, and those topics of special importance.... which are taught to groups of students at a later stage of their educational careers when they are specifically preparing to enter the occupations concerned.....“ (11).

Die mens is 'n redelike wese en doen daarvoor kennis en ervaring op. Op grond van hierdie feit sien die opvoedkundige toe dat die keuse van leerstof by die ordening en rangskikking in leerplane en leervakke voldoen aan die logiese eise van wetenskaplike sistematisering. Hierdie wetenskaplikheid by die leerstof-keuse en die logiese rangskikking van leerstof geld vir die sg. wetenskappe maar ook vir die kunste en die vaardigheidsvakke (12). In feite beteken dit dat elke skoolvak by sy leerstofkeuse rekening moet hou met die „wetenskaplikheid“ van die vak t.o.v. die samestelling, wat die ontwikkeling en die oordelike

11. Ibid., p. 35 - 36.

12. Coetzee: Algemene inleiding tot die Teoretiese Opvoedkunde, n. 321.

sistematisering insluit. Ons bely dat God 'n God van orde is; dat Hy sy wette en ordinansies daargestel het om die orde in die hele kosmos te bestendig, wat die mens moet eerbiedig en ten uitvoer moet bring. Om dit te bewerkstellig eis Hy van die mens as redelike wese orde en gang in sy lewe, kennis en arbeid.

Hierdie orde in die menslike lewe is o.a. 'n samelewingsorde, d.w.s. dat ons van bepaalde verhoudinge tussen mense kan praat en kan sê: Dit is 'n huisgesin, 'n kerk, 'n staat, 'n skool, 'n bedryf ens., afgesien van tyd en plek. Die skool is ingesluit by die groot geheel, die sosiale orde of die menslike samelewing. In sy vervlegting met die gesin, kerk, staat en bedryf bestaan daar tussen die skool en die menslike samelewing 'n „funksionele verhouding“¹³⁾, want die probleme van die samelewing is ook die probleme van die skool, d.w.s. van die onderwys en opvoeding.

Alters lees ons by Coetzee dat die skool slegs 'n brug span van die huisgesin tot die samelewing: die kind word onderwys en opgevoed om aansluiting daarby te vind¹⁴⁾. Op hierdie wyse word die menslike samelewing met sy eise en behoeftes tegelyk gesien as die breë en die doel van perseonsnuanseringe. Kortom, die Sosiologie het dus ook 'n eis te stel by die keuse van die leerstof vir 'n skoolleerplan. In hierdie verband lees ons: „The curriculum is an instrument devised for a purpose. The purposes of a society determine the purpose of the schools; the purpose of the schools decides the content of education the content of education

13. The content of education. Proposals for the reform of the school curriculum being the interim Report of the Council for Curriculum Reform; University of London Press Ltd., Malham House, Bickley, Kent, 1945; n.13-14.

14. Coetzee: „School: Huis, Kerk, Staat“ in Leers in die krisis deel 1, p. 324-325.

depends on the content of education as a whole" 15).

Aansluitend by die vorige wys ons daarop dat ons in 'n nuwe sosiale orde lewe, 'n meganistiese en materialistiese orde. Hierdie sosiale verandering, is 'n geleidelike proses wat veral na die Tweede wêreldoorlog met die uitvinding en toepassing van kernkrag en interplanetêre ruimteavorsingsprojekte die menslike samelewing 'n tasbare metamorfose laat ondergaan het. "The study of the broad transformations going on in society" 16) beïnvloed die sosiale institusies: die huwelik en gesin, die kern, die staat, opvoedkundige instellings, ekonomiese, industriële, soek vrystyd- en ontspanningsfasiliteite, ens. Die kern hiervan is sêlik die kernier waarop die sosiale veranderinge die sosiale lewe beïnvloed: die vragstysse, oënskynlike en idees wat hierdeur ontstaan en die grootskaalse ontspoeringe- die sosiale problematiek waardeur die mense gekonfronteer word. Die massifikasieproses, met die omhulping opslurp, het individualistiese wêreld en aanleiding gee tot die vereensamingproses; die proses waarin die landelike aard en verskille begin is om ooreles te raak in die verstedeliking van die mens in ons eie land, of dat van die knerslende eienerskepe van die stad reeds lankal op die platteland te besour en gevestig is.

Eens insiens is dit reeds tyd dat 'n ernstige poging aangewend word om die nuwe sosiale orde waarin ons nou leef, te verneer. Dit hang saam met 'n paar grondelegende sake,: Eerstens is "the present ferment in the educational sphere part of the ferment in the

15. The content of education, n. 18.

16. Mirth: The significance of sociology, p. 198-199.

realm of social values" 17).

Teoorens vra ons ons af watter pogings aangewend word om die doeleindes, wat bestaan uit die eise en behoeftes van die samelewing t.o.v. die skool, te bepaal en vas te stel. Alvorens dit gedoen is, kan die doeleindes van die onderwys en opvoeding in Suid-Afrika nie behoorlik en duidelik gestel word nie. In die volgende aanhaling blyk dit duidelik: „Not until the aims of society have been consciously determined can the purpose of education be clearly stated" 18). Die onderwys van die skool moet gesien word in sy werklike, konkrete en potensiële verhouding tot die samelewing. Die aanvaarding van 'n nuwe sosiale orde, 'n nuwe orde in die menslike samelewing, kan ten minste sê met 'n nuwe orde in ons onderwys- en opvoedingstelsel 19), want „whether we will it or no, the educational system of necessity also conditions the development of society" 20). Opvoedkundig-sosiologies is hierdie feit korrek, want die samelewing beïnvloed die opvoedkundige lewens-terrein van die skool, terwyl die samelewing op sy beurt weer die invloed van die opvoedkundige lewens-terrein (die skool) ondergaan. Van besondere belang in hierdie verband is die invloed van die norme en die

17. The content of education, n. 13.

18. Ibid.

19. Ibid.

20. Dent, R.C.: A new order in English education; University of London Press Ltd., Warwick Square, London, 1946; p. 7.

feite van die opvoedkundige lewensterrein op die totaliteitstruktuur van die menslike samelwing en omgekeerd die invloed van die konkrete samelwingsituasie op die positivering en die formulering van die norme vir die skool op die opvoedkundige lewensterrein. Vanselfsprekend is hierdie norm in ooreenstemming met die van die Opvoedkundige Teorie.

Die verband tussen die strukture van die opvoeding en van die samelwing in ons nuwe sosiale orde bestaan o.a. daarin dat 60% van die blanke bevolking in Suid-Afrika in die stede saamgetrek is, waarvan „28% van alle blanke ekonomies-beerywige persone in 1951 reeds vroulike persone“ ²¹⁾ was. Die persentasietoename in die getalle van die vrouearbeid was tussen 1936 en 1955 in Suid-Afrika 61.1 teenoor byvoorbeeld 41 persent in Duitsland ²²⁾.

Ontseensglik moet hierdie tendens die gesinstruktuur grondigantas en saam daarmee die ekonomiese struktuur, dus die sosiale struktuur, die samelwingstruktuur of sosiale geheel, die sosiale orde beïnvloes en veraneer. Word die nuwe sosiale orde met die „Sosiale Studies“ in die onderwys oorbrug of hou die Sosiale Studies 'n bedreiging in?

Maar die skool al meer en meer die plek van die oueropvoeding inneem, word die invoeging van Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van onderwysers bepleit.

21. Prinsloo, H.J.A.: Blanke vroue-arbeid in die Unie van Suid-Afrika. 'n Sosiologiese studie - met spesiale verwysing na die grootstedelike gebiede van die land; Van Gorcum & Comp. N.V. - G.A. Hak en Dr. H.J. Prakke, Assen, 1957, p. 174-175.

22. Ibid.

Die onderwyser(es) moet, o.e.a. bewus wees wat die sosio-logiese implikasies is van die sosiale leerstof wat in die leerplanbeplanning ingesluit is. Die leerling moet reeds van die laerskool af deur effektiewe leer berustelik gehelp en geleid word op en oor die brug vanaf die gesin deur die skool en weg na die sin en betekenis van die eise en behoeftes van die samelewing, omdat ook die kind 'n potenssiële aksiesentrum in die skepping van god is.

Terwyl hier verwys is na die opleiding van onderwysers, moet ook die uiters geringe onderwyser(es) met slegs twee jaar professionele opleiding na Patrikulasie geweldig by die opvoedkundige sosiologie baat, hoewel die tweejarige opleidingskursus betreur word as heeltemal onvoldoende en ontoereikend.

Oor die algemeen is daar reeds in die huidige laerskool 'n spesialisasie in veral die vaardighedsvalke, musiek, kuns en lunsvlyt ens., 'n groot behoefte aan samewerking. Dit handel in hierdie opsig oor die feit, dat elke personeelid steeds moet streef om

die verband van die lewensgemeenskap, waarvan die leerplanne slegs ondergeskikte fases is, te handhaaf en op die inhoud daarvan aan die jeug bekend te maak. Die proses van samewerking is uiters belangrik in die bereiking van en die streef na 'n geleens. plike doel in die opvoedingsproses. Terreg staan daar in "The content of education": "in the community the lesson of co-operation for the achievement of a purpose has to be learned. In the school each specialist has to work not for an end peculiar to himself and his subject, but for the achievement of the common purpose of the educational process". Die huidige posisie in ons laerskole word saam gevat in die volgende woorde: "in many

respects, increasing specialisation has made teachers as wise as owls in an ever-narrowing field but as blind as bats over an ever-widening one. Such specialists are for ever demanding more time and more facilities for their own subject and a desire for prestige for their particular subject in the Curriculum" 23). Dit hang saam met die vorige aanbaling.

'n Uitvloeiing hiervan is dat die leerplane van progressiewe skole as 'n geheel beskou word en in veel minder onderdele ingedeel word. Afrikaans as opvoedingsmiddel bestaan byvoorbeeld uit onderdele soos lees, resitasie, onstel, taalwerk, sendelinge en skriftelike werk. Die taal word besonder en behandel as 'n natuurlike eenheid waarin die onderdele elkeen sy regaardige en natuurlike plek kry 24). 'n Volgende voorbeeld is die sg. sosiale studies, wat bestaan uit belangrike gedeeltes van aardrykskunde, Geskiedenis, Burgerkunde, Etnologie, Sosiologie en Antropologie 25). Die eenheid van die sosiale studies impliseer die integrasie van die „sosiale“ uit die valke oor 'n gemeenskaplike noemer, nl. die tussenmenslike verhoudinge. Vanuit die sosiologistiese standpunt word, met ander woorde, die integrasie van tussenmenslike verhoudinge bewerkstellig. Moore en Cole stel dit soos volg: „Sociology

23. The content of education. Proposals for the reform of the school curriculum, p. 18-19.

24. Koyter, J. de A. : Opvoeding en onderwys, 'n Inleiding tot die studie van die opvoedkunde. Nasionale Pers Kaap., Bloemfontein, 1936; p. 220. (Vgl. die verwerpte uitgawe van 1939-1960).

25. Moore en Cole: Sociology in educational practice, p. 352.

is the most general and the most basic of the Social Studies" 26).

Aangesien alle skoolvorme 'n sosiale aspek het - sommige meer as ander - is daar deurgang 'n korrelatiewe verband tussen sommige vorme meer as by ander. Skool-onderwys is gemeenskapsonderwys, sosiale opvoeding.

Dit is daarom dan ook moontlik dat die laerskoolkurrikula gesien word in die lig van sosiologiese beginsels, d.i. in hulle werklike en potensiele funksionele verhouding tot ons samelewing soos dit is en soos dit behoort te wees.

Dr. Parlow lig die werklike streeklêre ontwikkeling met die volgende beginsel in 'n aanhaling toe om aan te toon dat o.a. die samelewing en die kultuur in 'n baie groot mate 'n rol speel by die persoonlikheidsvorming en ontwikkeling van die mens: "We described how, in foetal development, the faculties of the embryo are evolved until they are capable of dealing with the stimuli of the external environment. Then, after birth, the infant acts selectively with respect to the total possibilities of its environment, attending to such stimuli as are most appropriate to the full realization of the faculties which are approaching maturity at each succeeding phase of its development.... 27).

Die beginsel in die voorgaande aanhaling vervat, is nie slegs o.a. die noodsaaklike voorwaarde vir gesonde groei en ontwikkeling en die noue verband tussen die sielkunde en die sosiologie nie maar ook dat die gesond georganiseerde samelewing met sy bonte verskeidenheid van moontlikhede en geleenthede vir almal bestaan.

26. Ibid., p. 353.

27. Aangehaal deur Pinsent, A. uit : "Conclusions" in School and society, 1945; p. 79-80.

In die onderwys en opvoeding geld dieselfde beginsel, nl. die sedelike reg van elkeen om onderwys te ontvang. Die strewe is dan ook 'n opheffing en verbetering van die algemene lewenspeil en -standaard vir een en almal t.o.v. gesondheid, voeding, higiëne, behuising ens. Verder moet die bonte verskeidenheid in die samelewing aan die verskeidenheid van individue aansluiting geleenthede bied.

Die gesonde aansluiting van enkelinge by die samelewing geskied via 'n lang proses wat bewustelik reeds by die laerskool 'n aanvang neem met die onderwys van die leermiddele as deel van die opvoedingsproses. Vesleer praat ons in hierdie verband van leer as effektiewe deelname, omdat die kind as opvoedeling geleer en geleë word om as aksiesentrum sy bydrae tot die samelewing te lewer. Leer om te leer om kennis en ervaring op te doen is dus veel meer as slegs 'n proses van geartikuleerde reproduksie van wat gememoriseer is. Sosiologies is die leerproses hoofsaaklik 'n proses van seleksie en absorbering waarin kennis en vaardighede inhoud en betekenis kry van o.a. die sosiale orde, die kultuur en die sosiale-kultuur verworpenhede as deel en toepassing deur die kind self.

Hierdie aansluiting by die samelewing is 'n proses waarby die integrasie van die mens en sy persoonlikheid in al die verskillende aspekte van die samelewing tot openbaring kom en waarby die kultuur 'n deel van die drie-eenheid, nl. die mens, samelewing en kultuur, vorm.

Die samelewing is 'n volksgemeenskap, ook in wêreld omvattende sin en betekenis 'n volkeregemeenskap. Die

Suid-Afrikaanse staat is die geordende lewens-
vorm van die Suid-Afrikaanse landsburgers waarvan
ordering en organisasie die essensie funksie is.

Die owerheid is amptelike aparatuur of 'n regering
wat in die struktuur van die staat funksioneer om
die soewereiniteit in eie kring deur middel van
die reysorde in 'n gemeenskap daar te stel en te hand-
haaf. Omdat die nasionale volk in sy stratsvorm die
mees algemene groep is waarin die samelewing tot kon-
krete werklikheid word, moet by die keuse van die
leerstof rekening gehou word met die nasionale ens,
saam met die eis van die bepaalde gemeenskap. Die op-
voedkundige hou dus rekening met die sosiale wese en
bestemming van die mens.

Teen die voorgaande agtergrond, nl. die nasionale
eis, moet die leerplanne o.a. insluit die moedertaal-
onderrig, wat betekenis en inhoud het omdat die mens
hou daarmee uitdruk en sy gedagtes daarmee vorm.
Ogelykheid van taal beteken dat mense mekaar verstaan,
met o.a. ook 'n sekere ooreenkoms in die denke.
Dit is waar, omdat die taal gegroei het uit en met die
volk en dus die lewe van 'n volk is, in sover dit in
die taal uitdrukking gevind het en daarin bly voort-
lewe.

Die taal vorm o.a. 'n spieël van die verlede, wat
weergegee word in volksliedere, literatuur, uitdruk-
kinge, spreekwoorde en segswyse. Hiermee word die
hede beïnvloed deur die taal, omdat die gees van
die verlede meewerk in die vorming van die gees van
die hede. Op so 'n wyse bind die taal ook dit wat
bekant die direkte verstaan van mekaar is, deurdat dit
die volk saambind en tegelykertyd scheid van ander volke;

ook daarvan wat innerlik in die volksmond as vreed
ervaar word.

Samewerking op hierdie gronde is noodsaaklik en
nie uitgesluit nie. Samewerking tussen volkere
vandag, selfs op internasionale grondslag, is van die
uiterste belang. Vervolgens moet ingesluit wees die
vaderlandse Geskiedenis en Aardrykskunde. Volgens
die Sosiologie is die volksgemeenskap die historiese
produk. Die volksgemeenskap is gewortel in die
Geskiedenis, wat die bepalende, die bindende en
stewige sement is in die lewe van 'n volk wat daaraan
sy bepaalde karakter verleen het. Die lewe van 'n
volk is enersyds gewortel in die geskiedenis, en ander-
syds is die lewe van 'n volksgemeenskap geskiedenis.
'n Huidige volksgemeenskap is gebore uit 'n vorige; die
gemeenskaplike historiese lotsverbondenheid van 'n
volk is die saamdeurleefde en -deurworstelde lief
en leed van die lotgevalle wat 'n volk gemaak het en
sy innerlike en uiterlike lewensgebondenheid is. Dit
is veral die gemeenskaplike historiese lotsverbonden-
heid wat 'n volk skep en saambind: diegene wat
uit innerlike oortuiging saamhoort met gemeenskaplike
ideale en gemeenskaplik aanvaarde waardes en maat-
stawe.

Die nasionale bewussyn in die lewe van 'n volks-
gemeenskap waarin die gemeenskaplike waardes en ideale
tot lewende werklikhede konkretiseer, word verskerp
en gevoed deur nasionale figure uit die verlede en die
hede. Die nasionale gevoel en trots versterk die
volkseenhed. Die onderwys van vaderlandse Geskiedenis
is uiters noodsaaklik as middel tot bewuswording van
'n eie volkslewe, want die eard en die aanleg van 'n

volk kom voort uit die geskiedenis en is daardeur gevern. Hierdie volksgemeenskap het sy geskiedenis en tradisies beïnvloed en vorm die mens as individu.

In noue verband met die geskiedenis staan die Aardrykskunde, want by beide vakwetenskappe het ons die „sosiale“ en die „fisiese“ wat in sosiologiese sin die korrelatiewe verband beïlig, hoewel die beklemtoning anderswrig is. Sonder om in besonderhede te tree kan ons sê dat 'n bepaalde territoriale grondgebied die produk van die geskiedenis is, d.w.s. die „vaderland“ en wat dit impliseer. Andersins het 'n volksgemeenskap 'n bepaalde geografiese gebied as sy lewensruimte wat sy tot grondslag neem vir die voorsiening van bv. ekonomiese behoeftes wat in verband staan met al die ander aspekte van die struktuur van 'n volksgemeenskap. Ook dit het 'n vermenoe invloed op die mens.

Laastens wil ons t.o.v. die leersterke die feit noem dat die nasionale kultuur, die volkstkultuur, in die leerplan ingesluit moet word. Die skool het sy eie besondere soort kultuur in ooreenstemming met sy taak, nl. kultuuroordrag. Dit bestaan in die gees van 'n volk en kom tot uitdrukking in bouwys, bewysing en bewoningswys, in sedes, gewoontes, gebruike, in kuns en nywerheid ens. 'n Volk laat hom ken volgens sy eie aard, sy eie karakter, met sy eie waardes - sy eie norme op die verskillende lewenssterreine.

In die hiërargie van die leerplanne met betrekking tot die keuse en ordening van die leerstof stel ons die vernameste, nl. die religieuse, vooraan, waarmee saaklik ons doelstelling reeds uiteengesit.

Ten besluite kan ons in die algemeen die volgende as doelstellinge vir 'n doelmatige skoolkurrikulum stel:

- a. Dit moet die kinders leer om in 'n samelewing met mekaar te verkeer en deel te hê aan 'n gemeenskaplike kern van tradisie en waardes om uit te put. Die sosiale situasie in Suid-Afrika met sy blanke bevolkingsminderheid teenoor die nie-blanke bevolkingsmeerderheid is uniek in die geskiedenis van die wêreld. Die nasionale grondslag van die nie-blanke onderwys onderleiding van die blanke voogdyskap is die Christelike vertolking van 'n roeping om die nie-blanke op te voed om homself te help op die pad na selfstandigwording en tot heil van sy eie volksgemeenskap. Hierteenoor laat die Boer-Brit-verhoudinge nog veel te wense oor. Die kenteringsproses is eintlik 'n metamorfose wat by die jeug onder die leiding van Afrikaanssprekende onderwysers in Engelse skole hulle onderwys ontvang. Die integrasieproses in kultuursosiologiese sin bestaan uit 'n geleidelike absorbering van die Engelse jeug deur die Afrikaanse jeug.

Van besondere belang in hierdie verband is naamlik die volksgebruike, -gewoontes en -tradisies. „The study of folkways is for sociology what the study of the cell is for biology” (28). Die roeping van die mens as sosiale wese is die vorning, onderhouding en instandhouding van die vernaaemste same-

28. Handbook on curriculum study, p. 16.

W.E. Sumner, W.C.: Folkways: A study of the sociological importance of usages, manners, customs, mores and morals; Ginn & Co., Boston, 1906; afdl. 1-3; 7-8; 23; 28-34; 63-66.

lewingsvorme, nl. die huwelik en gesin, kerk, staat en bedryf. Die „wortels“ van die toekomstige gesinslid, kerklidmaat, burger en leerling word in die opvoeding van die ouers in die gesinskring ingeplant. Dit is hierdie gewoontegebruike wat oer baie geslacte oorgedra word aan die kinders. Die beoefening daarvan het vir die algemene welvaart onmisbaar geword en word sander teësprak deur die groep(e) en die samelewing uit oertuiging, aanvaar. Die gewoontegebruike hang ten nouste saam met die element van wêlvoort waardeur die „folksways“ dan „mores“ word. „Mores“ is 'n bepaalde vorm van gedragswyse en neig tot akkumulatie rondom sekere belange, funksies of aktiwiteite. Teen hierdie agtergrond is die seks-liefde-funksie byvoorbeeld 'n akkumulatie van „mores“ i.v.m. die huwelik en gesin. Die konstante samelewingsvorme waarin ook die Opvoedkundige Sosiologie veral belang stel, is 'n relatief permanente en verwante akkumulatie van sosiaalenslike verhoudinge wat die gedragswyse beïnvloed, vorm en bepaal t.o.v. die onderskeie leidende funksies van die samelewingsvorme wat die groep en die individu 'n taak en roeping opleë en tegelykertyd die bindinge en ankers van die lewens vorm en waarde saamhang die belangte in die menslike lewe.

Die verband met die onderwys en opvoeding is veral dat weens die kultuurentwikkeling die skool in sy taak van aanvulling by die gesinsopvoeding, van intellektuele opvoeding en van vryetydsbesteding geheel en al van die gesin oorgeneem het ²⁹⁾.

29. Van Dyk: leens en medeleens, p. 92-93.

Hierdie feit word gekompliseerder as gevolg van die sosiale verandering wat vrouearbeid buitenshuis meebring. Dit verg byvoorbeeld van die onderwyser, wat wel nooit 'n ouer se plek kan inneem nie, dat hy tog in sy vormingsjare vir hierdie ruimere taak en roeping uit die Sosiologie kennis en insig moet verkry. Met ander woorde die onderwyser beïnvloed die kind bewus deur middel van die leerstof omtrent sy biidinge van bloed, liefde, geloof, godsdiens, taal, tradisies, ideale ens. Aan sy groene, volke en staat, om sy verhoudinge, gedragswyse en gesindhede te vorm t.o.v. sy persoonlikheidsontwikkeling.

- b. Dit moet die kinders leer om die vaardighede van die ekonomiese lewe van die samelewing voort te sit. Hierdie funksie van die gesin is deur sosiale verandering, van 'n selfonderhoudende en -voorsienende verander tot 'n verbruikersfunksie ³⁰⁾.

Rondom die ekonomiese funksie van byvoorbeeld 'n bedryfsvorm het daar met verloop van tyd ekonomiese „mores“ geakkumuleer as die benoemde en aanvaarde metodes van produksie, verbruik, handel ens. Onder die invloed van wetenskaplike uitvindings en tegniese ontwikkeling is die karakter van die moderne samelewingstruktuur verander. Op 'n diepgaande en grondige wyse is die primêre sosiale strukture, t.w. die huwelik en die gesin en veral die mens, beïnvloed tot die implikasies van 'n „masse“ maatskappy, wat die individu onslurp en hom masjinaal reduseer

30. Ibid., p. 92.

tot 'n passiewe individu. Slegs die landelike aard en struktuur is onderworpe aan die elemente van die verstedelikiningsproses, wat uiteindelik massavorming of „Versassung“ toewesbring. Hierdie proses word vinnig bevorder deur algemene migrasering van die boereery.

In die proses van die aanleer van die ekonomiese vaardighede begin die kinders in die skool eers in die algemeen, d.w.s. in die sin dat hulle kan lees, skryf en reken - die klassieke „drie R's“. (Vandag het 'n vierde R van „relations - human relations“, tussmenslikke verhoudinge, bygekom.)

Wanneer later in hierdie vaardighede gesosjialiseer word, bly hulle nog verbind met ander moontlikhede. Dit is wat onderaan in ons skole gebeur. Deur middel van die Sosiologie kan die ekonomiese aspek, d.w.s. die ekonomiese verhoudinge, in sowel die Geskiedenis as die Aardrykskunde met vrug gedoseer word om die kind se gedragswyse te beïnvloed, 'n beïnvloeding wat die ekonomiese aspek sien en behandel in sy onderlinge samehang en verband met die totaliteitsstruktuur van die samelewing.

- c. Dit moet die kinders help om hulle voor te berei vir die lewe met 'n die beskouing en 'n gesonde kritiese oordeel en, indien nodig, verandering aan te bring in die sosiale orde waarin hulle leef. Die voor- en toebereiding vir die lewe, wat o.a. 'n aansluitingsproses by die groot gemeenskap, nl. die sosiale orde, is, vereis vandag veel meer as ooit tevore dat elkeen en almal iets uit die oortuiging en insig moet doen. Dit wat gedoen word, het tot onderliggende motief dat iemand voortdurend gelei

en gerig word deur sy persoonlike verantwoordelikeids- en normbesef. Dan is die mens in staat om orals en altyd reformend op te tree. Inderdaad is die ideaal en die verwesenliking daarvan dat iemans nie slags deur verordeninge van buite verbeter moet word nie - wat wel ook moet gebeur - maar dat dit allereers moet gaan om die innerlike en persoonlike.

- d. Dit moet selekteer en voorberei vir bepaalde, relatiewe verantwoordelikeid. Die moderne skool selekteer en berei die kind as „geheel“ voor vir sommige verantwoordelikhede en nie vir almal nie.

Al verander en verskuif die opvoedkundige neiging dan ook, bly die selektiewe proses 'n noodsaaklike deel van die skool se funksie, en al is hierdie funksie dan ook bysake, is daar nogtans baie geleenthede vir uitsondering. Die aanpak word daaronder gevestig dat die selektiewe proses nie nou gestied volgens punterestisie nie; dit begin reeds by klasindeling in groepe volgens byvoorbeeld ouderdom en later die intelligensiekwosient.

- e. Deur die sosiale instelling van die skool en die klaskamertegniese word die kinders geleer om saam te leef en te werk. Hiermee hang ten nouste en onafskeidelik saam dat die kinders geleer word om vulle in gehoorsaamheid te onderwerp aan die sosiale outoriteit in die vorm van groepsopdragte, d.w.s die reëls en wette, wat protodoks deur die volwassenes van die samelewing gemaak en gehandhaaf word.
- f. Om persoonlike waardes aan te bood: a.i. moreel, esteties en religieus.

In wat hier voorafgaar, het ons deur middel van 'n bespreking van die kurrikulum aangetoon die voortdurende beïnvloeding, vorming en ontwikkeling, d.i. die opvoeding van die kind in en deur die struktuur van die skool in sy onderlinge vervlechting met en funksionele verhouding tot die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing.

Dusver is aandag geskenk aan die onderliggende maatstawwe en eise by die keuse en die ordening van die leerstof in die kurrikulum. Hiermee kan, ten nouste saam die metode en tug by die onderrig van die leerstof.

§. Metode en tug.

In die algemeen verstaan ons onder 'n onderrigsmetode die weg wat gevolg moet word om ons koers in die opvoeding te behaal om iets opvoedkundigs te bereik.

In die engere sin van die opvoedingsmetode beperk ons ons ondersoek tot 'n analise en bespreking van sekere metodes en die grondbeginsels wat daarin vervat is, bloot te lê, veral t.o.v. die opset van hierdie ondersoek.

a. Selfregering en vrye dissipline ¹⁾.

Die apostels van hierdie opvoedingsmetode is o.a. A.S. Hoill, McMunn en Caldwell Cook. Oor hierdie ekstreemistiese rigting skryf Adams oor McMunn:

"he wants the children to be perfectly free to act in their own way and to develop along their own lines without any external interference, even if that outside influence be in itself excellent" ²⁾.

1. Vgl. McMunn, H.: The child's path to freedom.

2. Adams, J.: Modern developments in educational practice, second impression; University of London Press, Ltd., London, 1922; n. 285.

Oor hierdie metode en die toepassing daarvan moet o.a. die volgende ongemerk word:

- (1) Hierdie rigting in die metodek is 'n reaksie teen die dwangmetodes van die ou skool, waarteenoor gestel word die vryheid van die kind o.a.v. sy belangstelling, sy wense en volle geleentheid in alle stadia vir spontane ontwikkeling.
- (2) Ten opsigte van die onderwyser in hierdie verband sê Palmer: „his aim is to be a colourless medium through which that truth may shine on opening minds“ ³⁾. Die onderwyser het geen seggenskap en durf nie tussen die kind en sy spontane ontwikkeling kom nie ⁴⁾ .. ook wat betref die wet en orde in die skoolgemeenskap.
- (3) Die natuurlike vryheid op skool o.a. met betrekking tot die skoolwerk is die voorwaarde vir alle stadia van spontane ontwikkeling waar die kind homself is en bly en ontwikkel tot volle selfstandigheid, verantwoordelikheid en vryheid om aan die samelewingsbehoefes te voldoen.
- (4) Die doelwit en strewe van die moderne „vrye skool“ is in die woorde van Heyter: „egte individualiteit, karaktervastheid en diepgaande, innerlike ontwikkeling is afhanklik van die vryheid om die lewensenergie in diens van die waardevolle te gebruik“ ⁵⁾.

3. Palmer, G.H.: The ideal teacher, p. 26.

4. Adams: Modern developments in educational practice, p. 282.

5. Heyter: Opvoeding en onderwys, p. 242.

Die Opvoedkundig-sosiologiese implikasies van hierdie metode van vrye dissipline.

- (1) Positief is die bydrae van die vrye dissipline dat dit noodsaaklik is vir die sedelike groei van die kinderspersoonlikheid om die waardevolle deur kinderaktiwiteite sowel binne as buite die skool te leer en te doen.
- (2) Negatief is die bydrae dat dit in opvoedkundig-sosiologiese sin die groepsaktiwiteite met selfdissipline vir die sedelike ontwikkeling tot persoonsroeping, wat ten nouste saamhang met die gesagsleiding van die onderwyser, wat 'n prominente plek in die pedagogiese werksaamheid by die opvoeding inneem heeltemal uit die oog verloor en buite rekening laat.
- (3) In die menslike samelewing, die - vorme, die - verhoudings en die handelinge vind ons bepaalde gesagsstrukture volgens die eisaard en karakter van elke samelewingsvorm. Daartoe staan die metode van vrye of selfdissipline vreed teenoor die konkrete lewenswerklikheid in die sosiale orde.
- (4) In opvoedkundig-sosiologiese sin funksioneer gesag 'n vryheid in gebondenheid vir die realisering van gesonde tussen-menslike verhoudings: die individu-en-die-groep.
- (5) Sonder die gesonde baskruig van die balans tussen gesag en vryheid ⁶⁾ in gebondenheid word nie slegs innerlike onstabiliteit in die skoolorde gevorm en ontwikkel nie, maar ook die menslike samelewing en sy kultuur moet op die lang duur vervorm en kleurloos word.

6. Agl. *ibid.*, p. 245.

b. Die Daltonplan ⁷⁾ is in eenvoudige terme 'n taakstelsel as protes teen kl.sonderwys. Die ontwerpster, Helen Parkhurst, sê die volgende: „There is nothing new in the Dalton plan. It is only new in the sense that it involves a departure from ordinary school practice. The essential difference is one of emphasis. In order to give more opportunity to the individual development, the Dalton-plan lays great stress on the social reorganization of the school. It is not simply a method of teaching a subject, nor ~~is it~~ a mere technique. It is a way of life for the child The Dalton plan tries to give the child a synthetic view of his work. In life everyone has a job, in the successful carrying out of which it is necessary that he harnesses his energies and lives completely. So the school that follows this plan, arranges the work for the child in the form of a job. The school is reorganized in such a fashion that he may live very much as he lives in his home. In his home he goes from room to room in order to accomplish some purpose without asking permission, in order to achieve some purpose of which he is definitely conscious. The Dalton-plan takes the good example of life in the home and arranges the school in correspondence with those conditions“ ⁸⁾.

Die onderliggende grondbeginsels en hoe die onderwysstelsel daarop gebou is, is die volgende:

(1) Individuele vryheid;

7. Parkhurst, H.: Education on the Dalton Plan.
 Dewey, J.: The Dalton Laboratory Plan.
 Adams: Modern developments in educational practice.
 8. Snow, H.: Towards a new education, London, 1930; p.166.

- (2) Die wissenswerking en samewerking tussen die groepe, tussen die individue en die groepe en tussen die individue in die skool;
- (3) die besonderings tot die leerstof is vanuit die standpunt van die kind, met groter verantwoordelikhede vir en belangstelling in sy skoolwerk, en
- (4) die ekonomiese gebruik van tyd.

Procedure.

Die hele skool word ingedeel in laboratoria met spesialis-onderwysers wat leiding aan die leerlinge in die skoolvalke gee. Die leerlinge ontvang sg. taak t.o.v. elke skoolvalk in skoolvorm en onderneem om die voltooide taak binne 'n bepaalde tydskedule te doen. Hierdie taak word na analogie van 'n kontrak onderteken, en die leerling is vry in sy beweging en besoek van die onderskeide laboratoria i.o.v. klassenere. Afsien van die leiding van spesialis-onderwysers is die leerling heeltemal vry om sy probleme met sy medeskoliere te bespreek en van mekaar se samewerking gebruik te maak. Die les van samewerking tussen groepe word aangeleer en berus o.a. ook op individuele prestasie, want nuwe taak word teruggehou totdat die ouer afgehandel is. Die saamewerking van groepswerk, die skool berei die kind daartoe voor. Afsien van hierdie selfwerksaamheid volgens die die tempo van leerlinge voorsien die skoolwerkprosedure ook nog meesal aan die begin van die dag in vergaderinge of „assemblies" om o.a. probleme van gesamenliklike aard te bespreek en deel te neem aan groeps-aktiwiteite soos liggamesoefeninge, musiek, sang ens.

Die opvoedkundig-sosiologiese implikasies van die
balt-molan.

- (1) Die skool is 'n miniatuurgeselskap na analogie van die volwasse menslike samelewing waarvoor dit voorberei. Dit is 'n geleidelike aanpassings-proses, waarin die skool se hele oëfent het hierdie besondere metode moet wees om te voorsien in die individuele en sosiale behoeftes van die kinders.
 - (2) Die leerstof het in bepaalde talle vervat is, word op gesonde wyse geringslik om samewerking en wisselwerking tussen die leerlinge in die groepe met 'n spesialisasiegewer te versker.
 - (3) Die nadele is dat hierdie metode die heel klein kindertjies in die skool uitsluit.
 - (4) Die gesagsverhouding ly skerpbreuk, omdat die persoonlike onderwyser-kind-verhouding ontbrek by die leiding wat gegee moet word.
 - (5) Die gevaar van hierdie metode is dat dit mag lei tot 'n te vroeë spesialisasie van belangstellende leerlinge in groepe en van spesialis-onderrysers tot 'n eenzijdige belangstelling.
 - (6) Die vryheid en selwerkzaamheid in 'n lief-lingsvak mag lei tot intellektualisme, wat aanleiding tot scientistiese oriëntasie mag word.
- c. Die Projektm metode word ook algemeen doeltbewuste aktiwiteit ⁽⁷⁾.

hier is skrywe: "One of the most characteristic of modern tendencies in school method is the general recognition of the purposive element. There is a

very wide acceptance of the view that pupils should always have a clear idea of why they do certain things in schools¹⁰.

Die onderliggende beginsel van hierdie rigting het sy impuls van Lowey ontvang, vir wie leer en leeridentitas net volaar is. Die leerproses is 'n proses van ontdekking en ondersoek: die verwiering van die sosio-kulturele werklikheid i.o.v. die leer van klaar verorganeerde kennis.

Die ontdekking en ondersoek in die leerproses bring juis mee die natuurlike probleem, waarvan Stevenson in opvoedkundige sin sê: "A project is a problematic act carried to completion in its natural setting"¹¹), en verder: "... if this method works in life, why not in the school? especially, since in educational institutions it is always possible to organise significant projects into a connected series that leaves a well-developed conception of the whole subject in the student's mind"¹²).

Die implikasie van beide verhandelings staan in verband met 'n probleem (buitekant die mure van die skool¹³), waarby die metode aanspraak maak dat leerlinge die onderliggende beginsels self moet aflei¹⁴). As voorbeeld van 'n probleem dien die waterskema en -voorsiening vir 'n stad. Die struktuur van die hele probleem, d.w.s. in al die same-

10. Adams: Modern developments in educational practice, p.227.

11. Stevenson: The Project Method in education, p. 43.

12. Lema, C.R.: A study of engineering education in the Carnegie Foundation for the Advancement of Education, p. 62.

13. Adams: Modern developments in educational practice, p.223.

14. Ibid.

hangende onderdele soos die geografiese, die natuurkundige, die ekonomiese, higiëniese en die implikasies van die hele waterskema vir die stads-ingenieur wat dit in die praktyk moet daarsaak, word aangegeef in die volgorde van die verskillende vereenbenodigdhede.

Die toepassing van hierdie beginsel in die praktyk van wat gedoen word (die aktiwiteit), is verskillend. Boyd stel die saak soos volg: "...the procedure thrives in essence under such designations as units, centres of interest, tasks, enterprises and other terms descriptive of unified group activity. The central idea has come to stay: that the purposes of children, guided by wise teachers, are the only effective ways in which they can learn. This is true, because the assumption rests upon laws of learning. The task must be wholeheartedly the pupil's own; he must share in the plan of doing it, and have some measure of choice in the actual performance. It is a principle rather than rule of practice that purposeful activity will continue to give meaning and direction to the learning of children, whether it be in making a boat or in the enjoyment of a poem" 15).

Teen hierdie agtergrond is die kenmerkende eienskap van die doelbewuste aktiwiteite of projekte dat dit die beskikbare kennis laat lewe: "He (the teacher) begins with the use and searches for the knowledge" 16). Die gelang van die inhoud word groot en klein projekte opgestel om te voorsien in individuele en groepsaarnemings of kombi-

15. Boyd: Towards a new education, p. 181.

16. Adams: Modern developments in educational practice, p. 241.

nasies daarteen. As voorbeelde van

- (1) klein projekte mit individuele en groeponder-
neming neem ons besoeke aan 'n fabriek, die
poskantoor, 'n bakker, 'n menuisier, 'n oewering, die
maak van 'n kledingstuk, onruidversameling,
waarnemings van natuurverskynsels, ens;
- (2) groot projekte neem ons byvoorbeeld die aanlê
van 'n plaas of dorp, 'n beseroeiingsstroom,
'n goudmy, 'n motorfabriek, 'n wolboordery, ens.

Elkeen van hierdie projekte impliseer 'n verken-
heid as 'n volledige opvoedkundige ervaring vir die
kind op die grondslag van leerstof en aktiwiteit
wat sentreer rondom kinderbelangstelling en -aanleg.
'n Projek kan so uitgebou word dat byna al die skool-
vakke daarby te pas kom, t.w. die onderrig van taal,
geskiedenis, aardrykskunde, natuurkennis, reken-
en veral die aktiwiteite soos tekene, kleiwerk,
vlegwerk, handeewerk ens. Elke projek moet vol-
doen aan alle redelike norme wat geld vir die be-
paalde aktiwiteit in die konkrete lewe.

Ten aansien van die opvoedende waarde van die
Projekmetode onderskei Keyter in breë trekke vier
algemene soorte ondernemings: (1) Die gebruik van
materiale wat tasbare resultate lewer, bv. die be-
soek aan en die administrasie van 'n melkery;

- (2) die projek met 'n intellektuele probleem
vir die leerlinge onder leiding van die onderwyser;
- (3) die projek waarby die gewone skoolroetine-
werksaamhede ingesluit is, bv. die aanlê van 'n
skooltuin, uitsoek en opsoek, met kosteberekening
t.o.v. bemesting, aanplanting en versorging; (4) die

projek waarin dit gaan om die emosionele ontwikkeling deur middel van die estetiese waardering van bv. skilderkuns van 'n natuurlandskap, wat deur middel van poësie of prosa voorgedra word om die dand-werklike innerlike ombeveling te laat ervaar. Dit kan ook lei tot prikkeling van die skeppingsdrang van die kind en dus o.a. tot die vorming van die skeppingsvermoë van die kind.

Oor die algemeen is die groot verdienste van hierdie metode seker sy toepasbaarheid op die werksaamhede van die gewone skool: in die laer afdeling van die laerskool, waar die leerinhoud en aktiwiteite eenvoudiger is, is die toepassing van die genoemde metode makliker as in die hoër afdeling, veral t.o.v. die tale en Geskiedenis. Nogtans kan die vindingryke onderwyser met vrug arbeid, deur middel van bv. dramatisering van geskiedenisverhale, toneelstukke, prosa en poësie in klasleesboeke en biblioteekboeke vir groepsaktiwiteite.

Die opvoedkundig-sosiologiese implikasies van die Projektm metode.

Die opvoedkundig sosiologiese grondslae wat betrekking het op die Projektm metode kan kortliks soos volg gestel word:

- (1) Die noue verband tussen die leerstof en hierdie metode bestaan daarin dat dit wat van die menslike samelewing geleer moet word, gelyk staan aan die lewe.

Hierdie leerstof behels die integrasie van opvoeding, leer en lewe, omdat die probleme van die samelewing in die projek ingewerk is.

- (2) Geïnspireer deur die sosialiseringsebeginsels van Dewey werk die leerlinge in groepe saam om die projek wat historiese, geografiese, natuurkennis, kuns, taal ens., insluit, uit te bou en die probleme daaraan verbonde op te los.

Hierdie probleme is individuele en sosiale probleme wat opgelos moet word.

- (3) Met hierdie „geïntegreerde ervaringsvelde“ word die individuele leerling-in-die-groep ingelyf in die samelewing met sy probleme.

- (4) Die metode van die projek hou veelal sosiologiese implikasies in. Dit 'n tipiese voorbeeld van 'n sosiologiese, wat die sosiologiese vorm van positivisme in die opvoeding en onderwys is.

Hierdie metode vorm eintlik die sentrale metode waaromheen die ander in die Sosiale Studies toegepas word.

- (5) Die waarheidselement van die Projektmethode is dat die feitlikheid van die kinderverstand en rede as die eerste en belangrikste van die logiese beginsels ¹⁷⁾ agter nie moet bring die verabsoluttering van die sosiokulturele werklikheid waarin die onderwys en opvoeding moet groei uit die konkrete lewensituasies op die basis van die „inner wyer uitkringende lewenservaring van die individu“, soos die Projektmethode dit wil nie.
- (6) In aansluiting by die vorige wys ons op die implikasie vervat in die volgende aanhaling: „...since modern culture rests on abstract knowledge, to

17. Coetzee: Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 340.

confine all instruction to the applied and the concrete would soon produce stagnation They have overlooked the efficiency of systematic instruction" 18).

d. Die Cousinetmetode.

M. Roger Cousinet is die ontwerper van hierdie metode vir vrye groepsaktiwiteit i.p.v. vrye individuele aktiwiteit. Kinders speel saam, sodat die skoolaktiwiteite gebaseer is op spelgroepspele. Die onderwyser stel die take t.a.v. die aktiwiteite, wat konkreet en abstrak konstruktief is, d.w.s. vir die opvoen van teoretiese en praktiese kennis in die proses om die kind te leer om reg te dink, om sy denkevermoë te vere en te ontwikkel. Nadat die onderwyser die voorskrifte en reëls verduidelik en vras beantwoord het, kies die kinders hulle mate vir groepe, wat uit ses bestaan, om die take wat hulle wil onderneem. Die kontinuïteit van die take word verseker deurdat dit steeds ontwikkel in die proses van die uitvoering daarvan. Die onderwyser korrigeer spreek- en speloute. Oor hierdie metode skryf Boyd: „This kind of activity does not produce idleness. Results also show that children educated by this method have learned to work, can undertake work on their own account, know what is non-essential and what is essential, and can choose good partners" 19).

Heyter skryf dat hierdie metode met sy anders vrugbare toepassing van die beginsels van vryheid, saamwerking en selfwerksaamheid in die praktyk heel

18. Davis, A. : Human society; The Macmillan Co., New York, 1949; p. 228.

19. Boyd: Towards a new education, p. 165.

goed in Suid-Afrikaanse omstandighede by die skool-organisasie sorges en met vrug benut kan word ²⁰⁾.

Die opvoedkundig-sosiologiese implikasies van die Cousinet-metode.

- (1) Die beginsel van die kinderspel in groepe is baie belangrik in Opvoedkundig-sosiologiese sin en betekenis, omdat die doelgerigte aktiviteit van reg dink vervat is in die leerstof op die basis van vrye, spontane kinderspel en die keuse van mense vir die groep.
- (2) Die vorm van soospeel, saamwerk, saamleer en saamgesit is 'n kinderspelwingsvorm met 'n doelstelling wat aan elkeen en almal in die groep verduidelik is, waarvolgens die gesamentlike handelingen en denke van elkeen in die groep gerig is en waaraan uitvoering gegee word.
- (3) Die bereiking van die gemeenskaplike doelstelling vereis saamwerking, wisselwerking, raadpleging, waarby die logiese denkvermoë van elkeen en van almal gesamentlik ontwikkel en gevorm word.
- (4) Die onderwyser het persoonlike kontak met die groepe en 'n aktiewe deelname deur middel van doelbewuste en doelgerigte leiding by byvoorbeeld taalgebruik, spelling ens. wat voortspruit uit die opgelegde taak.
- (5) Ten besluite is die waarde van hierdie metode dat dit praktiese en teoretiese kennis vir die mensensroeiing bybring.

c. Die Decroly-metode ²¹⁾.

Decroly was psigoloog en pedagoog, en daarom is

20. Kuyter: Opvoeding en onderwys, p. 262.

21. Ibid., pp. 262-267.

die Decroly-metode 'n variasie van die "leer deur lewe"-metode met die onderwys gebou op psilogiese ervarings. Op hierdie grondslag moet die skoollewe gerig word deur twee baie belangrike beginsels, nl. : (1) voorbereiding van die kind vir die lewe deur te lewe en (2) organisering van sy lewensmilieu sodat daarin geskikte prikkels en stimuli vir die neigings in die opeenvolgende ontwikkelingsfasies is.

Die werksprosedure van die skooldag bestaan uit die tegiese werke van taalonderrig en rekenkunde, waarmee die dag begin word. Daarna volg die aktiwiteite van waarneming, vergelyking en assosiasie, kuns, handwerk, musiek ens. Die waarneming is onafskiedelik verbonde aan doen: hand en hoof is altyd beide aan die werk. Die naiddag word in besig geneem deur individuele werk, handeewerk en vreemde tale.

Langs die weg van die psilogiese stel hy sy leerplan saam op die beginsel van geassosieerde idees. Decroly is van mening dat die kind die beste voorberei word vir die lewe deur kennis van honself: van sy strewings, wat ten nouste samhang met sy omgewing waarin hy leef, met sy lewensgewoontes en met die graad van sy groei- en ontwikkelingstadium. By die keuse van die leerstofgeheel word as uitgangspunt geneem wat Decroly die belangstelligingsentra noem, nl. die vier behoeftes van die kinderstadium: die voeding, die kleding (beskerming teen wind en weer); die verdediging (beskerming teen vyande en gevare); en arbeid of werk. Rondom hierdie vier behoeftes organiseer hy die skoolwerk in die kinderstadium.

Verder stel hy vas dat die leerproses die beste plaasvind deur middel van die drie tipes van aktiwiteit: waarneming of die opdoen van ervarings; assosiasie of die verwerking van die ervarings; ekspressie of die uitdrukking in taal, skrif, tekens, voordrag, spel ens., en die maatstaf of die meet, weeg en bereken, d.p.v. die leervakke. Elkeen van die vier genoemde belangstellingsentra word verder ontwikkel deur die tipes van aktiwiteit wat leerly onderskei het.

Die onderwyser het 'n aktiewe aandeel in die keuse en behandeling van die belangstellingsentra. Die onderwyserpersoonlikheid, die aard van die leerstof en die begeertes van die kind geniet groot erkenning in hierdie metode.

Die leerstofgeheel van elke belangstellingsentrum wat in die skool behandel word, hou die oog gerig op die verhouding van die kind tot: sy eie organiese; diere; plante; minerale; samelewing; die heelal.

Die hele skool bestudeer een onderwerp vir die hele jaar, en dit sluit nie die studie van ander onderwerpe uit nie, want die aktiwiteit van waarneming bring ook mee dat die leerlinge saamwerk, eksperimenteer, ondersoek en versamel. Die resultaat word in observasiekaarte, d.i. boeke van waarneming of boeke van die lewe (albums), saamgevat, geïllustreer, en die observasies word met tekeninge verspel.

Assosiasieonderrig geskied deur middel van waarneming i.v.m. geskiedkundige en aardrykskundige onderwerpe wat dien vir die onstel van die handboeke

deur die kinders. Geheuewerk word heeltemal uitgeskakel.

By die onderrys van lees, skryf en reken lower die Deeroly-metode baie vrugbare idees. Met betrekking tot lees en skryf let ons veral op sy globale lees- en skryfmethode, waar die totaal-indruk primêr en die opvatting van die afsonderlike dele en kenmerke sekondêr is. In hierdie verband ontwikkel by sy ideovisuele lees- en skryfmethode, waar ideo die begrip uitdruk en visueel die opneem deur die gesigsin; die betekenis en gesigsbeeld van die geheel wat opgeneem word, gaan steeds saam volgens die Gestaltbeginsel. In rekenkunde word begin met die meet van liggaamsdele: hande, voete, arms, hoogte of lengte, ens; daarna materiële dinge: tafels, huis, werf ens. Gewigsonnede word vasgestel deur versameeling van natuurlike voorwerpe: bolle, reute, pitte, diere ens. Om tyd te kan bepaal word die natuurlike weg gevolg van byvoorbeeld die aantal swaai van 'n stuupeyster aan 'n tou om 'n taak te verrig, totdat die horlosie ingespan word vir die bepaling van tydeenhede, ens.

Die kinders bly aktief besig en gromd van hulle belangstelling, sodat dissiplineprobleme feitlik uitgeskakel word. Die selfregeringstelsel van die metode dra by tot die verantwoordelikeoosverantwoord van die skoliere. Take soos baie opneem en uitgee van boeke, ens., die versorging van tuine, diere ens. is byvoorbeeld in die hande ^{van} /groepe leerlinge, sodat die pligte en werkstaakdele plaasvind na analogie van die lewe in 'n klein samelewinkie om die kinders te

vorm en te ontwikkel in en deur die samelewing.

Deur middel van 'n sisteem van oervertalenwrigters vir elke klas onder leiding van Decroly word 'n gesonde samenwerking tussen huis en skool verseker.

Ander verdienstelike eienskappe van hierdie metode is byvoorbeeld die oplossing van die dissipline-vraagstuk deurdat die aktiwiteite gesonde uitingsgeleenthede vir die „hele“ mens skep en nie slags vir die verstand nie.

Die waarde van die Decroly-metode, wat ook die beginsels van die Montessori en die Projeksisteer behels, kan met vrag in Suid-Afrika ²²⁾ toegepas word. Hierdie metode is tans in 'n staat van ontwikkeling: hier en ook elders, bv. in Nederland. Die onvoedkundig-sosiologiese implikasies van die Decroly-metode.

Die onvoedkundig-sosiologiese beskouing oor hierdie metode berus op die beginsel dat die kind moet leer deur lewe. Die lewe sluit o.a. die Sosio-kulturele werklikheid, d.w.s. die samelewing, in.

Hierdie samelewing is sy milieu, wat georganiseer word om die nodige prikkels aan die individuele leerling te lewer om sy wordende persoonlikheid in die opeenvolgende fases te ontwikkel deur middel van die leerstofgeheel, die projek.

Die onderwyser het 'n aktiewe deelname in die individuele leiding wat hy aan die leerlinge gee.

baie belangrik by hierdie metode is die vorm van selfregering wat in die hande van 'n groepie leerlinge geplaas word. Verskeie pligte en verantwoordelikhede word aan hulle opgedra na analogie van die

22. Vgl. die eksperiment van La Grange te Prieska, sien La Grange: Die Decroly-skool.

lewe in 'n klein samelewinkie.

Op hierdie wys word die individuele leer deur die lewe self verder aangevul deur die sosialiseringbeginsel om die „hele“ mens deur die aktiwiteite vir gesonde uitingsgeleenthede te skep en daar te stel.

Laastens is van belang die owerverteenvoordigers vir elke klasgroep wat die belange van die groep en hulle skoolprestasies op die hart dra, dit steun en bevorder.

Hiermee vind ons die so noodsaaklike samewerking tussen huis en skool, wat navolgenswaardig is.

f. Die Montessori-stelsel ²³⁾.

Montessori is die ontwerper van die beroemde kindertuinstelsel waarmee sy beoog die herverwing van die kleinkinder- en aanvangsonderwys.

Haar heft sisteen berus op natuurwetenskaplike waarneming en studie van die kind: die resultate word uitgevoer t.o.v. lengte, gewig en mediese ondersoek en op grafieke aangebring.

Ten grondslag van haar stelsel lê die volgende idees: Elke kind besit vanself die kragte tot selfopvoeding. Dit is moontlik omdat elke kind in sy verskillende ontwikkelingsstadia sekere innerlike behoeftes het, wat onder gunstige omgewingsomstandighede die vrye ontwikkeling daarvan moontlik maak. Hieruit groei nuwe energieë, wat lei tot selfbeheersing en sosial. gedragswyses.

Dit is die taak van die opvoeder om vanuit die agtergrond te lei om hierdie behoeftes te ontdek, die geskikte materiaal vir die fisiologiese (die oefening van die spierstelsel-motoriese funksie)

23. Ibid., pp. 269-279.

Montessori, M.: De methode Montessori, zelfopvoeding van 't jonge kind.

Idem: Zelfopvoeding, methode voor het lager onderwijs.

en sielkundige ontwikkeling (die oefening van die sintuig-sensoriese funksie) en die ontwikkeling van die taalkennis te voorsien. Op hierdie wyse hou die kind homself aktief besig met die gepaste materiaal vir sy behoeftes, wat 'n bevryding van die direkte leiding van volwassenes inhou.

Die keuse van geskikte materiaal wat by die behoeftes pas, wissel van kind tot kind na gelang van sy ontwikkelings stadium. Montessori noem hierdie tydperk in die ontwikkelingsgang van die kind „gevoelige periodes“, waarvoor die onvoeder geskikte materiaal moet uitdink en vind wat daarby pas.

om te voorsien vir die gevoelige periodes skep Montessori 'n omgewing waar hierdie gepaste materiaal byderhand is vir elke kind volgens sy behoeftes. Die gevoelige periodes ontstaan spontaan, en daarom moet daar vryheid van houe by die materiaal wies vir die inoefening van die een of ander funksie.

Die klaskamer is ingerig om vrye beweegruimte te lent. Die hulpmiddels, reubels en speelruimte moet voorsien in en aanpas by die behoeftes van die kinders. Die kind is vry om te rus, te lê, om die vloer te sit, ens., ook as hy hom wil afsonder van die groep; m.a.w. hy is vry om sy eie spontane drange te volt en uiting daaraan te gee.

Die Opvoedkundig-sosiologiese implikasies van die Montessori-stelsel.

- (1) Die opvoedkundig-sosiologiese grondslag van s kontre groepspel word by die kleinkinder- en aanvangsonderwys op gesistematiseerde wyse

met 'n verskeidenheid van speelmaterial behoeft op die grondslag van 'n rasionalistiese neiging tot individualisme.

(2) Die gesonde gesamsleiding by die groepspele ontbreek.

(3) Die individualistiese ontwikkeling deur die intellektualistiese beheersingsmotief laat in die Montessori-stelsel geen plek vir die ontwikkeling van die sosiale behoeftes nie.

(4) Die aard en wese van saamspeel, -geniet, -leef en -werk ontbreek.

(5) Die Montessori-stelsel beoog streng eksperimentele waarneming met natuurwetenskaplike kontrolemetodes, wat 'n vorm van positivisme in die opvoeding en onderwys is.

(6) Elke kind is sê beset met sy selfopvoeding: van sintuie en liggaam in 'n mensgokonstrueerde materiaalbehoeftebegewing, dat hy soos 'n los enkeling sonder bindinge in 'n groep staan; soos Stern dit stel: „Die Montessori-groepe bly dus 'n losse en betreklik onverskillige naasmeesterlewe van individualisties gerigte kinders in die teenwoordigheid van 'n onderwyser wat doelbewus verby om 'n sosiale leier te wees" ²⁴⁾.

g. Die Winnetkategniek ²⁵⁾.

Een van die ontwerpers van hierdie geïndividualiseerde stelsel, C. A. Shuburne, skrywe oor die wetenskaplike samenvatting van al die nuwe wêreld in die

24. Stern, H.: Psychologie der Frühen Kindheit, r.465, aangehaal deur Keyter: Opvoeding en onderwys, p.279.

25. Keyter: Opvoeding en onderwys, pp. 279-287.

Vgl. Coetzee: Inleidings tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 331.

Winnetkasisteen sees volg: „First of all we want to develop in each child an integrated, emotionally-balanced, happy personality. Second, we wish to help each child to discover his own special interest and aptitudes and to develop these both for the sake of his own satisfaction and for the sake of the contribution he may make to society. Third, we wish to inculcate in each child a strong social sense, a realization of his interdependence with his fellows, and an ability to participate effectively in co-operative enterprises. And fourth, we wish to give each child a mastery of those tool subjects - those skills and knowledges - which are essential for efficient living in society“ (26).

Om hierdie doel te bereik word die skoolstelsel verander in 'n opvoedkundige laboratorium om langs wetenskaplike weg die skoolmetodes te koördiner en die beste mule iddels daar te stel.

Die volledige ontwikkeling van die kind sluit in die kennis en vaardighede wat die individuele kind vir sy lewe nodig sal hê, en tweedens, die vorming en ontwikkeling van 'n diepgaande sosiale bewussyn.

Vanuit die opvoedkundige laboratorium word deur eksperiment en navorsing vasgestel watter werklike kennis nodig is vir sy latere lewe, asook die beste en doeltreffendste metode vir die leer daarvan in die stadium van geestelike ontwikkeling.

Die werkprosedure vir individuele ontwikkeling en selfwerksaamheid sluit die volgende in:

(1) Daar is 'n doelkaart as grafiese voorstelling

en kontrole van die werk vir elke kind self, sy ouer en die onderwyser. (2) Die onderwysmateriaal bestaan uit 'n „topic“ met eenvoudige verklarings, voorbeelde van ontwikkelingstrappe en oefeninge, sodat die kind homself kan onderrig en korrigeer. (3) Daar word gebruik van „diagnostiese“ toets vir elke doelstelling korrigeer die leerling oefeninge met verskafte antwoorde. Die ander verne met dieselfde inhoud sien die onderwyser na met kontrole-sleutelantwoorde. Op dié wyse word swak plekke in die onderrig bepaal en aangevul met verdere oefentoele. Dié vordering word op die doelkaart ingevul. Die werk geskied onafhanklik van ander wat die ontwikkelingsgang bepaal. Die skander kinders wie se doelkaarte afgehandel is, is vry en met „topics“ in ander vakke, soos Aardrykskunde en tale, voort te werk. Die individualiteitsprinsiep bestaan uit samewerk aan 'n „topic“, maar bespreking van die feite, terwyl die feite individueel geleer en ook individueel getoets word.

By vakke soos Geskiedenis en Aardrykskunde, wat eintlik groter werk, groepsbespreking en -aktiwiteite inhou, kry die individualiteitsprinsiep in die „innetkategorie“ slegs gedeeltelike erkenning.

Die organisasie van groep- en skeppende aktiwiteite is van groot waarde vir die sosialisering en selfekspresie vir die verskeidenheid tussen die leerlinge. Die middele om hierdie aspek te verwesenlik sluit in „units“ van literatuur, musiek, kuns en ervarings van die omgewing onder bespreking. Die onderwyser word voorsien van die bibliografie vir

studie van die agtergrond en moontlike aktiwiteite vir elke „eenheid“. „Teacher and children should consider the possible values and limitations of the various proposed activities and from this consideration make a joint choice of project children should always make their suggestions for activities first. The teacher may follow these with her own“. Hierdie word beoog „to use such activities as will best promote the keenest interest of the children; as will best provide the forms of expression and social development most needed by the particular group; and as will use the richest contribution of the unit of material studied“ 27).

In die laerskool vorm die klasgroep die organisasieeenheid vir die skeppings van byvoorbeeld historiese of geografiese voorstellings, dramatisering, literêre reproduksie of selfs ook die skepping.

Die waardering van die voorgaande sluit ook aan by die waardering van goete smaak, van die skone, mooi en verhefende in musiek, letterkunde, ens. Dit gaan ook om die ontdekking van sluimerende talente wat tot ontwikkeling gebring moet word.

Aan die sedelik-opvoedende waarde van sport- en speelspele word baie belang geskenk onder die toesig van 'n sportdirekteur.

Die opvoedkundig-sosiologiese implikasies van die Winnatkategniek.

Die ontwikkeling van 'n diensgaande sosiale bewussyn in die Winnatkategniek sluit die volgende

27. Boyd: Towards a new education, n. 176.

in:

- (1) In die laerskool vorm die klasgroep die organisasie-
sameenheid waar die opvoedkundig-eksperimenteel
bepaalde leerstof en metode aanwys wat die beste
kennis vir die latere lewe sal wees.
- (2) Die organisasie vir groep- en skeppende
aktiwiteite om die individuele verskille tussen
die leerlinge te ontwikkel is van groot belang
in die sosialiseringsproses.
- (3) Die selfregerende leerlingraad met onderkommi-
tees het verskeie pligte en verantwoordel-
ikhede met gemeenskaplike doelstellings, wat
samenwerking vereis om 'n verantwoordelikheds-
gevoel te ontwikkel.
- (4) Die personeelverenigings van skool, werk ten
nouste saam met die ouerverenigings en die op-
voedingsdepartemente, wat kontinuïteit in
die modernste rigtings van die opvoeding
en onderwys verseker.
- (5) Die materialistiese doelstellings t.a.v.
die pragmatiese en eksperimentalisme hou die
gevaar van verarming van die opvoedingsproses
in.
- (6) Rasionele inmenging in spannings beroof dit van
die vrye en spontane genot daarvan. Verder
beroof en vernietig rasionele inmenging die
saamhorigheidsgevoel en saamspeel, waardeur
die sosiale aspek van die opvoeding onberoken-
bare skade ly.

h. Die Jena-plan ²⁸⁾.

Onder leiding van Petersen is die taak begin

28. Petersen, F.: "The Jena Plan" geneem uit Keyter:
Opvoeding en onderwys, pp. 287-292.

om die familieskool uit te bou. Soos die Winnetkietegniek berus hierdie metode op 'n voortdurende eksperiment om die nuttigste kennis van die kind, die metodiek en die nuwe lewensomstandighede te benut.

Die skool word ook genoem die familieskool, waarby sowel die ouers (die familie) as die opvoeders saamlewe en -arbeid. Die Jena-plan-skole is wel openbare skole, wat die familieopvoeding op sy eie wyse aanvul en op intieme wyse met die kultuurlewe saamsnoer. Die jeug moet organies in die volkswêreld ingroei. Die skool word 'n ware lewensgemeenskap, smelt die lede van die situasie daardie kragte in die lewe raak waar die familie en die opvoeders saamlewe.

Die weeklikse werkplan sluit soveel moontlik die organiese aanpassing van die opvoedingswêreld van die kind in by die konkrete lewe soos hy dit ervaar.

Die grondbeginsels van die Jena-plan waarop die werksaamhede gebou is, sluit in gesprekke, spel, arbeid en feesviering, waarby die klein val op die samewerking tussen groepe as waardevolle middel tot ontwikkeling van kultuurbewustheid: van nasionale feesdae, geboortedae van lede van die groep, ens. Onafskeidelik hiermee staan die samewerking tussen huis en skool en die pogings tot versterking van hierdie bande uit wedyersyde bind: belystelling, aktiewe deelname, samewerking as dele van die hele opvoedingsproses.

'n Groot aantal kultuur- en natuurkundige projekte word onderneem om die kind bevrugtelik

te bind aan sy die: sy vaderland, sy volksgemeenskap, sy kuns; maar ook aan die mensheid. Dit is natuur, kultuur, kuns en togtnich het die kind nodig daardie middele om te waardeur en te begryp: tuisarbeid in vrye tyd, plus wat genoem word „Gestaltungslehre“, wat teken en werkonderrig insluit.

Spel sluit byvoorbeeld in: spel met verskeidenheid materiale, veral by die kennissingslesse; bewegingspele; spele vir reënouerlinge, taal, sang; ritmiese en gimnastiespele; liggaams oefeninge en sport; pousespele; bergelie; snousport ens.

Arbeid sluit byvoorbeeld in: alle aktiwiteite w arby groepspele betrokke is in ooreenstemming met die kind se leeftyd. Hierby word ook ingesluit gesprekke wat die die groepwerk betrekker nie.

Die organisasie van werk is 'n sesdaagse skoolweek. Daagliks vind ons in die voormiddag vir bykans die eerste uur op skool Rekenkunde, onderrig in die moedertal en vroeë tale op die lesrooster. Daarna volg groepspele tot vrye beweging.

Besondere vermelding dien gewerk te word van die pogings tot bevordering van die saamewerking tussen huis en skool tot die ontwikkeling van volksbewusyn en versterking van daardie bande wat die volk se lede aan mekaar bind: taal, tradisie, ideale ens.

Samenvattend beskou, bevat hierdie eksperiment weens sy dinamiese aard in opvoedkundig-sosiologiese sin daardie nuwe beginsels wat reeds tevore genoem is, bv. by die kinnetka-tegniek, en kan veel daaruit geput en daarvan gemaak word, ook in

Suid-Afrika.

Die opvoedkundig-sosiologiese implikasies van die Jena-plan.

- (1) Van groot belang in hierdie metode is die organisasie van die skoolwese - die saamwerking en vervlegting tussen skool, huis, en familie soos dit die opvoeding in die volkswese en volkskultuur laat ingroei.
- (2) Die skool is 'n ware lewensgemeenskap in sy funksionele verhouding tot die samelewing.
- (3) Die kind, die skool, die samelewing en die kultuur staan in noue verband tot mekaar.
- (4) Die voortdurende eksperimentering in die onderwys en opvoeding is noodsaaklik by die veranderende en veranderende menselike samelewing waarby die kind moet aanpas.

i. Die Morrison-metode ²⁹⁾.

Morrison is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die leerstofindeling. Sy uitgangspunt dat die werkeenhede van 'n skoolles in die moderne opvoedkundigwetenskaplike stelsel „a course of study“ is, is belangrik. Coetzee sê die volgende oor die werkeenhede: „(Dis) 'n omvattende en sinvolle aspek van die oopwing of van 'n georganiseerde wetenskap wat eerder verstaan as onthou kan word“.

Die werkeenhede word 'n studiekursus waarin onderskei word tussen die „leereenheid“ en die „onder-rigteenheid“. Eersgenoemde is naamlik dit wat die leerling moet begryp en die aktiwiteit om dit vas te lê totdat meesterskap verwerf is. Laasgenoemde,

29. Coetzee: Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde, n. 330.

nl. die onderrigteenheid, sowel die vorige plus die metode wat pas by die eenheid, die suggesties vir die werksaanpassing aan die verskillende standers van onwikkeling en 'n toetsprogram.

Morrison onderskei tussen verskillende soorte eenhede, bv. die van 'n groot stuk werk, wat miskien 'n halfjaar of selfs 'n hele jaar in beslag kan neem. Hierby kom dat die werkeenheid ook onderverdeel kan word. Hoofsaak by die keuse van 'n werkeenheid, sê Coetzee, is die suiwer formulering van die doelstelling, die samelting en verband met die geheel, die samewerking van die leerlinge, die praktiese waarde van die agte, daadwerklik lewe van die kind se lewensmilieu, die toetsing van gesonde en korrekte opvoedkundige metodes.

Die opvoedkundig-sosiologiese betekenis van die Morrison-metode sluit dus die wat tevore by die Dalton- en die Projekstelsel gegee is, in: die sosiologiese aard tree hier sterk op die voorgrond. Hierby kom nog die sameenplanning van 'n projek deur die groep.

Die aktiwiteitsbeweging in die nuwe metodiek word later in hierdie ondersoek behandel.

Samenvattend van die vorige metodiek maak Coetzee drielei indeling van die onderwysmetodes:

- (1) Die tradisionele organisasie van die vakleerstof;
- (2) die modern wetenskaplike, waaronder ressorteer die Morrison-metode, die geïndividualiseerde onderwys van die Dalton- en die Projekstelsel;
- (3) die aktiwiteitsbeweging, wat bestaan slegs uit kinderaktiwiteit en -belangstelling vervat in werkeenhede.

In samhang met die „nuwe metodiek“ wat vooraf behandel is vloei voort die volgende belangrikste beginsels waaraan die opvoedingsproses gebaseer is:

- (1) Die opvoedingsdoel bepaal die opvoedingsmetode na alle kante toe. Die eenheid van leerstof vir onderwys in die onderskeie skoolvalke vorm 'n organiese geheel wat sin, betekenis en rigting aan die opvoeding gee.
- (2) Gesonde opvoedingsmetodes hou rekening met die kind as geheel: sy individualiteit na siel en liggaam, na hart, verstand en wil, wat hou onderskei van ander weens sy afkoms, geestes-aard, verstandsvermoë, aanleg, neigings ens., gesien teen die agtergrond van sy huislike omgewing en milieu by die groei- en ontwikkelingsstadia wat elke kind deurmaak in die proses van opvoeding tot 'n gebalanseerde ontwikkeling en vorming tot persoonsoopvoeding.
- (3) Hieruit lei ons die volgende beginsels af:
 - (i) die psigologiese, d.w.s. die kennis omtrent die eenheid van die kind en die onderskeie metodes t.o.v. sy liggaamlike, geestelike, etiese, estetiese, sosiale en verstandelike vorming en ontwikkeling, wat die Psigologie ons bied vir die ontwikkeling en vorming van die wordende persoonlikheid van die kind as denkende, willende, voelende en handelende gebalanseerde mens.
 - (ii) Die kind as redelike denkende wese, d.i. die logiese beginsel, waarvan die belangrikste die feitlikheid van die kinderverstand en rede is. Hierby kom kennis as waarheid en

die logiese organisasie van die leervakke.

hierdie beginsels is van toepassing by die onderwys: die bybring en inoefening van kennis: religieus, geestelik, eties, esteties, sosiaal, verstandelik en liggaamlik, wat ons by die kind wil vermeerder om ook sy vaardigheid in te skerp.

baie nou verbonde aan die opvoedingsmetode is die element van leiding wat die kind ontvang by die bybring van kennis, die beoefening en inoefening van sedelike gedragswyses die innerlike selfdissipline: die selfkeuse tussen die doen van die goeie as positiewe norm wat tegelykertyd die kinderlewe lei en rig tot vermyding en nalating van die kwade, slegte en sondige.

Die hoofonderwysmetodes is kortliks die volgende:

- (a) Analise en sintese en wat dit inhoud; 'n volledige onderwysmetode is beide: analities-sinteties en/of sinteties-analities;
- (b) induksie en deduksie en ook hier is volledigheidshalwe die metode induktief en deduktief of soms induktief-deduktief.

By die volgende metodes kan ons 'n toepassing van die genoemde twee hoofmetodes vind om die ontwikkeling van kennis en vaardigheid deur middel van die leerstofaanbieding te verseker:

- (i) onderwys deur middel van direkte, persoonlike aanskouing;
- (ii) onderwys deur middel van die vraag-en-antwoord-metode, ook die denkmethode genoem;
- (iii) onderwys deur middel van direkte mededeling of vertelling;
- (iv) die metode van selfuitvinding, selfontdekking.

Aangesien hierdie hoofmetodes en toepassinge later weer behandel word, wys ons vervolgens kortliks op sekere metodiese grensreëls wat toegepas word as vereistes vir die leerproses: Die leerstofaanbieding moet die belangstelling en aandag van die leerlinge wek en gevang hou deur die hulpmiddele te gebruik vir aanskoulikheid en begrip van die leerstof. Die feitlikheid van die kennis word opgedoen deur die sintuiglike organe, sodat vanaf die konkrete na die abstrakte, van die eenvoudige tot die ingewikkelde, van die enkelvoudige tot die saamgestelde, van die empiriese tot die rasionele en van die besondere na die algemene heengewerk word.

Vir die inskorporing en vaslegging van die geleerde leerstof is herhaling noodsaaklik; faktore wat die reproduksie van kennis in min of meer geartikuleerde vorm moontlik maak is die aktiwiteitsdrang, inisiatief en skeppende selfuiting.

Saam met die waarneming, opneem, toepas en reproduksie van wat ingeprent, bewaar en teruggeroep is, as nodig vir die geestelike ontwikkeling, omdat ons die kennis en toepassinge daarvan onthou deurdat dit in die geheue setel.

By die onderwys is saam met die vorige geleerde leerstof nodig gewenning aan die estetiese interpretasie van die geskiedenis.

Herhaling, toepassing en toetsing op psilogiese en logiese grondslag om die kind se vordering vas te stel is uiters noodsaaklik; d.w.s. die inspirasie en impuls om die beste prestasie in die keuse en toepassing deur die kind self na vore te bring.

Saamgevat vind ons die waardering van dit wat die geestelike eiendom van die kind geword het: die waardering van die kennis en vaardigheid volgens 'n bepaalde rangorde vanaf die mees eenvoudige tot die mees saamgestelde en ingewikkelde: die getalsfunksie tot die geloofsfunksie en die realisering daarvan in die lewe en ontwikkeling van die wordende persoonsreëning van die kind.

Die volledige lesvorm in die skool is 'n kombinasie van 'n vertel-, dink- en 'n opsêles, wat analities en/of sinteties, indukties en/of deduktief is. So 'n les is aanskoulik: dit kan begryp en toegepas word. Die kinders is aktief besig, terwyl die les self prakties is.

Ten nouste verbonde met die algemene en die besondere metodiek van onderwys staan die tugmetode. Waterink skrywe: „Zodra de opvoeding richting geeft, is er in de opvoeding het element van de tucht“ 30). Die onderwyser in die skool is die opvoeder wat oor die outoriteit beskik om 'n sekere gewenste toestand in sy klaskamer daar te stel. Hierdie orde word verkry deur die onderwyser se optrede en die daad, omdat hy die belangstelling, selfwerksaamheid en gehoorsaamheid van die leerlinge in sy klas op so 'n wyse lei dat hy 'n bepaalde doelstelling met sy onderwys kan bereik.

Waar orde in 'n klaskamer beskryf kan word as 'n uitwendige, miskien tasbare toestand, daar is tog 'n innerlike geestesgesteldheid, 'n lewenshouding wat ontwikkel uit die veranderende realisering van 'n persoonlike verantwoordelikheds- en normbe-

besef waardeur elke mens in alle situasies voortdurend geleid en gerig word. Die ware tug uit die diepste gronde van ons wese orden en rig ons neigings, drijf, begeertes en stowinge, en wil ordeskikking aan 'n selere reëlmaat wese. Coetzee sê: „Hetseer orde die voorwaarde is vir ons liggaamlike en verstandelike ontwikkeling, so is tug die voorwaarde vir ons sedelike en godsdienstige ontwikkeling“ 31).

In hierdie proses, waarin die kind en ouerwyser ontmoet, het ons uitwendige tug „waarin die sedelikeheid vaeleer bevoorier word deur middel van die goeie voorbeeld, gesonde leiding en veral deur verskaffing van geleenthede tot verantwoordelike doen, i.p.v. deur te verbid, voorsê en straf“ 32). Inbegrepe by die anskaling is die selftug - die pedagogiese tug wat beoog om die wordende kind-persoonlikheid sover te bring dat hy die tug van andere nie meer nodig het nie, omdat hy deur selftug en selfdissipline aan homself leiding kan gee volgens sy groeiende verantwoordelikheds- en normbesef. Daarom is die hoofsaak om die kind deur skoolorde en -tur te onderwys en op te voed tot selftug.

Op die beskeuing van die besondere vorme en soorte van tug en die toepassing daarvan in die onderwys en opvoeding gaan ons nie in nie 33).

31. Coetzee: Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 349.

32. Keyter: Opvoeding en onderwys, p. 295.

33. Vgl. o.a. Coetzee: Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde vir die bespreking hiervan.

9. Organisasie van die opvoeding en onderwys.

In die stelsel en organisasie van die onderwys en opvoeding vind ons alle hoe ideële in verband met die doelstelling, alle wetenskaplike baskouinge oor die opvoeding, alle noukeurige en grondige besinninge van die inhoud in die struktuur van die opvoeding, d.w.s. opvoeding in die sosiale orde.

Die sosiale orde is die groot geheel wat ons die menslike samelewing noem, 'n samelewingsorde waarin die konstante samelevingsverre, ter. die gesin, kerk, staat, skool en beeryi, nuwesikkend en gekoördineerd in hulle vervlegting en samewerking met mekaar staan.

In die strukturele orde van die menslike samelewing, waarby ook die maatskapsverhoudinge ingesluit is, hou veral drie samelewingsstrukture, nl. die huisgesin, die kerk en veral die skool, hulle besig met die opvoedende werksaamheid wat in die opvoedkundige teorie vervat is, d.i. die administratief-organisatoriese van die skoolwese in die algemeen.

In alle volksgeselskappe van alle tye was die noodsaaklikheid van 'n stelsel en organisasie van onderwys en opvoeding 'n brandende vraagstuk waaraan geen opvoedkundige denker hom kon onttrek nie. Tot uitgangspunt maal ons Saterink sin: „wanneer wij niet verstaan, dat het gezin de plaats is waar de opvoeder zijn taak heeft te verrichten, dat het gezin allereerst de roeping heeft op te voeden naar de wil Gods voor het leven van staat en maatschappij en kerk, dan zal op den duur al ons praten over opvoeden niets helpen en dan zal het einde zijn, dat de maatschappij te gronde gaat" ¹⁾. Dit is die wortels van die toe-

1. Saterink: Theorie der opvoeding, p. 99.

konstige gesinslewe; kerk- en staatslewe word in die gesin ingesluis.

Uit wat Saterink hier sê, vloei voort die prinsipiële beskouing oor die stelsel en organisasie van die opvoedkundige vraagstuk. Die huissesin is die oorsprong en die eerste opvoedingsinstelling van die kind; die kerk is 'n geloofsgeselskap wat na sy wese die religieuse opvoedingsplek van die kind is, en die skool het volgens sy oorsprong en bestemming geen ander taak as die onderwys en opvoeding van die kind nie.

Saam met die voorgenoemde opvoedkundige instellings is daar ook nog, die staat en die bedryf, waarvan die onmiddellike taak en roeping wesenlik verskil. Die staat is in sy wese 'n regsgemeenskap tussen owerheid en onderdane, waar 'n owerheid of 'n regering die instrument is wat die wette op regseïls formuleer, interpreteer en handhaaf op die grondslag van die swaard-wag. Die opvoedingsfunksie van die staat is volgens sy aard en bestemming uiters beperk en wel van 'n streng militaristiese aard, soos dit in die militêre kolleges vir die land-, lug- en vlootafdelings van die verdedigingsmag en die polisieopvoedingskolleges gegee word vir die handhawing van die reg en geregtigheid in 'n samelewing - die handhawing van wet en orde. Die staat reël ook die regsverhoudings na buite.

Opvoeding en onderwys is nie net die middel om die sosiale lewe te beïnvloed, te verbeter en bowenal te hervorm nie, maar dis ook die noodsaaklike voorwaarde vir o.a. die ordelike bestaan en voortbestaan van 'n samelewing en van die individu en van die groepslewe. Die verhouding tussen die skool

en die staat is opsommend die volgende:

- a. Die staat het belang by die kwaliteit van die opvoeding van sy jeug, wat die volwasse burgers en burgeresse van die toekoms is.
- b. Vir die vervulling van die formele opvoedingswerk in die volwasse roep die staat die hulp van die skool in.
- c. In die dinamiese strukturele orde van die staat is die primêre funksie die dwanggesag in die volkslewe, wat o.a. tot openbaring kom deur die volgende funksies, waartoe die skole geroepe is:
 - (1) Betsielling van die onbepaalde jeug met die heidegades van die vaderlandse geskiedenis en vir die behouding van die eenheid van die landstale in Suid-Afrika; (die staat se etiese funksie is te vinde in die vaderlandsliefde, wat die band tussen die owerheid, die volk en die landsgesied is. Vaderlandsliefde is iets anders as liefde vir jou geboorteland: laasgenoemde is bioties gefundeer, terwyl vaderlandsliefde histories gefundeer is. Dit ontbreek byvoorbeeld die primitiewe volkere aan vaderlandsliefde, d.w.s. die liefde vir die volksgeheel binne die staatsgrens. Hulle praat van liefde vir hulle geboortegrand, en al praat hulle van vaderlandsliefde, is dit in sy wese geboortegrandsliefde.)
 - (2) die peil van die volkswontwikkeling.

Samgevat is die **roeping** van die staat t.o.v. skoolopvoeding die volgende:

- (1) die staat moet voldoen aan sedelike reg en indiwi-

- dule opvoeding vir alle burgers, eienside van godsdienslike oortuiging, ras, taalgroep en oorsprong.
- (2) Die staat stel die regsverhoudings tussen die ouer, die bestuur, die onderwyser en kinders deur middel van die Provinsiale Akte vas.
- (3) Die staat reël deur middel van verpligte skoolbezoek bepaalde ouderdomsgrense, sodat die nodige heil van ontwikkeling gehandhaaf kan word.
- (4) „Dit moet toesig hou oor die leer-inhoud; dit moet sorg vir die wetenskaplike gehalte; vir die sedelike vorming van die jeug, vir die aankwaking van die formele dinge soos ordelike, stiptheid, plichtbetrekking, welvoeglikheid, welwillendheid, wellesigheid en betersaamheid; dit moet waak teen leringe of skool wat strydig is met die veiligheid van die staat self, of met die sedelike orde in die gemeenskap“ 2).
- (5) Administratief voorsien die staat, as die enigste orgaan om geld in te sakel die volgende: die opsig, instandhou en beheer van skole; salarisse, diensvoorwaardes, geboue ens. vir die skoolonderrig.
- (6) Coetzee sê die staat het prinsipieel en histories na sy wese 'n reg tot medesorgenskap in die struktuur van die skoolopvoeding: hiermee is bedoel die kwaliteit van sy burgers(-esse) binne 'n bepaalde landsgebied, en hiermee hang die staat se bestaan en voortbestaan ten nouste saam.

Waar die staat se opvoedingswerksaamheid uiters beperk is, omdat sy reëling anders bepaal is weens sy aard en wese, het die ekonomiese bedryfsvorm, die

2. Coetzee in koers in die krisis, deel 1, n. 328.

nywerhede en beroepe geen opvoedingsfunksie nie, maar hulle kan as organisasies wel bydra tot die vorming en ontwikkeling van die jeug en tot oriëntering van die volwassenes.

Die stelsel van leerjongenskap vir toelating tot 'n georganiseerde beroep is in die moderne tyd aan die verouwer. Ten aansien van onderwys aan volwassenes vind ons in die industriële lewe 'n oriëntering van volwassenes deur toelassing van kennis t.o.v. die lumensering van die bawel, wat ook geskied deur tegniese kolleges, handelskole, ambagsskole, nywerheidskole ens., wat die plek van die eertydse leerjongenskap ingeneem het.

vervolgens skenk ons besondere aandag aan die vernagaste samelewingsvorme, nl. die huisgesin, die kerk en die skool en elkeen se opvoedende werksaamhede in die sosiale orde t.o.v. die aanvaarde stelsel en organisasie in die onderwys en opvoeding vas te stel.

a. Die huisgesin en die gesinsopvoeding.

- (1) Die huisgesin is 'n konstante samelewingsvorm en na sy dinamiese strukturele orde is die gesin 'n intieme liefdesgeenskap tussen ouers en kinders op die grondslag van die bloedsbande na die norm van die liefde, wat die ouers as natuurlike gesagdraers in bak en roving onlê.

Die leidende funksie van die gesin is die liefde tussen die ouers onderling, tussen die ouers en kinders en tussen die kinders onderling. Die hoogste rekening van die gesin is om dié liefdesverhoudinge meer en meer te verwesenlik.

Ten nouste met die bestaandingsfunksie verbonde is die biotiese funderingsfunksie, nl. die bloodsbande wat die ouers en kinders wederzyds en onderling bind, sodat die huigesein sy intieme liefdesgeenskapskarakter kry wat van al die ander samelewingsvorme verskil. Inderdaad word hierdie geensliefdesverhoudinge nêrens anders gevind nie - dit setel in die harte van die man en vrou, die ouers en die kinders en die kinders onderling as die natuurlike bindende liefde: die sg. „face to face group“.

Bereaalweg ontstaan die gesin wanneer uit die huwelik die eerste kind gebore word. Die kind bly baie jare na sy geboorte volkome hulpeloos en afhaklik van sy ouers. Die gesin het in die eerste hulle het woning, voedsel en kleding nodig, wat verkry word deur arbeid.

Die ouers is die volwassenes en natuurlike gesagsdraers wat onder leiding van die liefdes-nors die versorging van die onvolwasse kinders behartig. Baie hiervan val ook hulle roeping om leiding aan die kinders te gee. Die onderwys wat die kinders van hulle ouers ontvang, styg nooit bekend die gesinskring uit nie. Met die leiding wat gegee en deur die kinders aanvaar word, gaan altyd gepaard 'n sekere mate en soort van kennis in die opvoeding tuis.

In die lig hiervan het die gesin-opvoeding 'n doelstelling na binne onder kle van die liefdesgesagsleiding van die ouers. In

hierdie sin funksioneer die huisgesin na alle aspekte of sye v n die werklikheid en ver'try 'n onderskeidende bicaard en karakter volgens sy wese.

Die onderlinge sachehang en verband tussen die gesinsfunksies word abaal gekleur volgens die besondere gesinsleidenom op die grondslag van die bloedsbande. Die gesinsopvoeding is samevattend soos volg:- Die sosiologiese struktuuranalise van die huisgesin in sy psigiese, analitiese, kulturentwikkelings-, linguistiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese en pistiese aspekte is kortliks die verasing en ontwikkeling van die kinderpersoonlikheid deurdet in die algeeen die eerste wortels van die toekomstige gesinslid, werklidsaat, burger en leerling ingekant, gevoed en gekoester word onder die liefdesgesagsleiding van die ouers in die realiserine van hulle hoogste roeping.

Tegelykertyd en saam met die interne gesinsopvoedingsdoelstelling word die interne gesinsverhoudinge en gedragswyse geleidelik diensbaar gemaak aan die samelewing - die samelewingsveroor, die samelewingsverhoudinge, die handeling, omdat ook die kind opgevoed word tot boruswording dat ook hý aksiesentrum in die skepping is wat sy bydrae moet lewer tot die instandhouding en vorming van die samelewing in sy ver-vlegting en wisselwerking daarmee en aan die gebeurtenisse wat hom beïnvloed. Hy word dus bekwaam gemaak vir sy plek in die geskiedenis.

Van besondere belang in hierdie verband maar ook in die kerklike opvoeding is die volgende wat Van Dyk sê: "Die voortdurende opvoeding en beïnvloeding die van die saamenleving op die mens van die wieg tot het graf uitgaat, is voor die massa der normen en de massa der menschen in de saamenleving doorgaans zoo goed geslaagd, zo effectief, dat de mens zich meestal niet bewust is dat hem de normen zijn opgelegd. Zij zijn hem dan zo eigen geworden, dat hij ze welhaast ziet en voelt als zijn eigenschappen, alsof ze hem waren aangescreven" 3). Dit kom kortliks daaronder naer dat die mens en kind in sy vroeë en ontwikkelende jare doekende, voldoende en willende wese in alle sosiale situasies voortdurend gelei en gerig word deur sy persoonlike verantwoordelikeids- en normbesef.

Ons lat voorts kortliks op die veranderinge wat die huisgesin ondergaan, nl. t.o.v. (a) die ekonomiese funksie van 'n selfonderhoudende en -voorsienende gesinseenheid waarvan veral slags die konsumpsie-eenheid oorgebly het; (b) die intellektuele opvoeding, wat deur die verpligte skoolbesoek onder wetgewing oorgeleë is aan die skool in verskeie variasies, en (c) die vrytydbesteding, geselligheid en ontspanning, wat oorgeneem is deur georganiseerde klubs vir sport, deur jeugverenigings, die bioskoop en ook deur die skool t.o.v. georganiseerde sportsoorte.

(2) Die verhouding tussen die huis en die skool is opsoekend soos volg:

(a) Geskiedkundig het die skool uit die huisgesin

- as die ideale opvoedingsinstituut ontwikkel.
- (b) Die huisgesin is die voedingsbron van die skool.
 - (c) Die skool is die vrug van die kultuurontwikkeling wat volgens sy oorsprong en bestemming soewereiniteit in die kring besit: „Hiervoor gee die gesin nie sy reg van toessig en verantwoordelijkheid prys nie“⁴⁾, want die ouers betaal belasting vir die beloning in die salaris van die onderwyser.
 - (d) Die skool is nie die verlengstuk van die huisgesin nie. Die skool val die gesinsonderwys en -opvoeding aan en rond dit af op sy eie wyse volgens sy oorsprong, aard en bestemming.
 - (e) Die aanvullingstaak en afrondingstaak van die skool vereis samewerking tussen skool en huis, huis en skool, maar ook samewerking op grond van die beginsel van soewereiniteit in die kring en vervloegting.
 - (f) Die skool vere die brug vanaf die gesinsopvoeding na die groot samelewing: die skoolonderwys vul op sy eie wyse volgens sy eie aard en wese die gesinsopvoeding aan en rond dit af en uit te word in die samelewing.
 - (g) Die toon van die skool word bepaal deur die interne uitvoering van sy doel en sy eie wyse en set sy eie middels deur gebruikmaking van gesonde metodes en tug.
 - (h) Die gees van die skool lê in lyn met die doelstelling en die verwesenliking van die opvoeding,

waarby beide die gesin en die skool wedersyds met mekaar rekening moet hou. Elke instituut is selfstandig en onafhanklik; beide wil die kind in sy wese heenlei na God, wat die sedelik-goetsdienstige vorming en ontwikkeling van die wordende persoonlikheid eerste stel en saam daarmee die wêreldlike of gewone kennis en vaardighede.

b. Die kerk en die betekenis van die kerklike opvoeding ⁵⁾.

- (1) In hierdie sosiologiese analise betref ons ons tot die sigbare kerk, al onderskei ons ook nog 'n onsigbare kerk.

Die kerk is na sy wese 'n geloofsgemeenskap, die tydelike en wêreldlike gemeenskap van gelowiges in Christus deur die Gees van God verander rondom sy Woord. Van Dyk gee 'n vollediger omskrywing van die kerk as „het op de eis der Goddelijke beoordenbaring, gegronde geloofs- en culteverband van Christ-gelovigen in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde" ⁶⁾.

Hieruit vloei voort die leidende, kwalifiserende of primêre funksie van die kerk as samelewingsvorm, nl. die geloofsfunksie wat sy bestemming in die kerklike kring vind. Die gemeenskaplike geloofsbelydenis en die liefde tot God is die erediens, met diens aan jou naas-

5. Smier, J.M.: Inleiding in de kerkleer der kerkleer, pp. 213-225.

Van Dyk: Kerk en medekerk, hoofstuk 7.

6. Van Dyk: Kerk en medekerk, p. 115.

te as die onderlinge liefdesband in Jesus Christus. Die eenheid van die kerk is saam met die voorgaende ook nog die Goddelike instelling van die onderskeie kerklike ampte - die regering van die diens van die woord en van die onderlinge liefde, van die apostolaat en die diakonaat.

Die implikasie hiervan is die tydelike organisasie van die geloofsmag - die swaard van die woord, wat alle ander kerklike funksies en aksies in die strukturele orde hiervolgens in hulle onderlinge saambang en verband lêur.

Gods mag om sy volk deur sy woord te regeer is histories gefundeer en hang ten nouste saam met die bestaansfunksie van die kerk. Die tug wat die kerk na binne en buite handhaaf, is gegrond op die tug van die woord. Die geloofsmag is nie deur transe gebind nie, want die leër van God streef geestelike wêreldheerskappy na, wat vervul sal word by die volcinding op die jongste dag.

In die lig van die voorgaende is die hoogste roeping van die mens om ordis en te alle tye reformerend op te tree. In hierdie verband lees ons: „..... there is no truer conception of the good society or the good citizen than that displayed in the life and teaching of Jesus. His life and teachings have changed the face of history. With all the imperfections of individual Christians and of the Christian Churches themselves, Christianity has been the most enduring civilizing force seen in the world" 7).

7. Citizens growing up, at home, in school and after; published for the Ministry of Education, by His Majesty's Stationery Office, 1949; p. 7.

Gesien in hierdie lig, kan ons terag die vraag stel: Hoe word die mens en die kind tot gelowige kerklidmaat opgevoed? Koenig en andere gee ook 'n definisie van die kerk en voeg by "it canalizes religious behavior, and does much educating and some disciplining....." ⁸⁾.

Tot uitgangspunt vir die kerklike opvoeding sluit ons aan by 'n aanhaling uit Fairchild, omdat hy daarmee die verband en vervlegting tussen die gesins- en kerkopvoeding aantoon: "membership in a particular religious body is so completely a part of the family unity that long before the new individual has attained either the capacity or the opportunity for choice he has come to take this religious affiliation for granted. It has become so thoroughly ingrained in his nature that any departure from it can be carried out only at the cost of some amount of effort and suffering" ⁹⁾. Dit kennis wat die ouers van godsdiens, geloof, liefde, be-lydenis en ander funksies en aksies van die kerk het, hou prinsipiële beginsels in. Die Christelike beginsels, wat voortvloei uit die Groot Gebod, word manifestasies van ware naaste-liefde en is 'n taak vervat in die Norm as 'n Godgegewe roeping met 'n bepaalde ruimte om die roeping te beoefen. Dit ten uitvoer bring van die roeping hou in regstreekse ver-antwoording vir sy lewe en werke.

In hierdie kader vind die opvoeding van die kind as mens tot kerklidmaat aanvanklik plaas

8. Koenig, Kooper, Cross: Sociology, a book of readings; Prentice-Hall, Inc., New York, 1953; p. 212-213.

9. Fairchild, S.F.: General Sociology, John Wiley & Sons, N.Y., 1934; p. 17.

geboorte en die heilige Doop plaas. Later word dit voortgesit deur die huisgodsdienste, die skool en veral die katekisasië of sondegsskool tot die afligging van belydenis van die geloof, waardeur die lid aangeneem word as volwasse lidmaat van 'n bepaalde kerk. Die belydenis-afligging geskied uit 'n bepaalde behoefte en begeerte van die afligger se hart: Hy voel en is oortuig daarvan dat God dit van hom eis en verwag. Verder lê mens belydenis van die geloof af die omdet ander dit doen op grond ^{van} „sosiale“ oorwegings of kontraktuele toetreding. Die kerk is selbste- en belydenisgemeenskap, waarvan die konfessionele aard bepaal word deur die inhoud van die belydenis en verering of godsdienstige aksies en handelinge daarvan. Tot on groot hoogte word die gods-geloof en wat daaruit voortvloei, bepaal deur die geliefshoud soos vervat in die belydenis-skrifte van bepaalde kerke.

Met die afligging van die belydenis van die geloof deur iemand word die band van die geloof wat hom bind in sy verhouding tot sy Skepster in Jesus Christus as sy Verlosser en deur die werkinge van die heilige Gees versterk, maar hy word ook in sy betrekking tot sy kerk versterk, sodat die individuele kerklidmaat nie maklik sy kerk verlaat of van kerk sal verwissel of towens ook nie onder daarin voorpraat nie.

Die bestaan en gemeenskapsbestaan van die kerk is nie afhanklik van menslike instelling nie,

maar die kerk gaan in sy bestaanselfstandigheid bekant die mens in die samelewing uit as die breid wat Jesus Christus op die goeie dag kom haal. Die breid hiervan lê die potensiele gemeenskapsverband van die kerk versaker in die geestesstruktuur van die lidmate, terwyl die kerk op wêreld t.o.v. sy konkrete bestaan afhanklik is van die instandhouding van sy lidmate deur verantwoordelike versorging.

Hiertoe lê die gelowige ouers die Doonbelofte af en onderneem om hulle kinders op te voed in die kennis en vrees van die Vader van die Here. Die belydenis van die geloof wat sigelê word, gesaai in ooreenstemming met die Doonbelofte, sodat die opvoeding in die kennis en vrees van die Here steeds toeneem in die hart van elke belydende lidmaat, sodat elkeen se godsdiens sin en betekenis het uit selfoortuiging as verantwoordelike roeping: dat hy die taak van die kerk van Christus as lewende aktiewe lidmaat verstaan en ten uitvoer moet bring.

Voordat die jongmens opgroei in sy lewensbestaan is hy nog 'n onselfstandige lidmaat van die kerk. Die belydenisskritte en die kerk kom as onwrikbare groothede na hom via sy ouers, die talryke aktiwiteite van die kerk, waarby die sonderingskool, katekisasie, preek, sakrament, tug, huisbesoek ens. ingesluit is. Hierdie kennis, wat hy opdoen is geloofskennis en -onderrig en dra 'n kerklike-kommisionêre aard. Hierdie geloofsonderrig geskied in lyn met 'n vaste tradisie, van byvoorbeeld „boek vat,” katekisasie ens.

Die jong kind aanvaar hierdie onwrikbare waarhede as geloofswaarhede, as kerkbelydenis.

Die geloofsonderrig en -opvoeding is 'n geleidelike versoerding, inskerping en vaslegging van geloofswaarhede, waardeur die geloofsinhoud in sin, betekenis en kwaliteit toeneem. In breë trekke stem die toeneem^{ende} kwaliteit en sin van die geloofsinhoud ooreen met die geloofswaarhede as hy belydenis aflê. Dit wil sê die jongmens as persoonlikheid, as denkende, voelende en willende mens, bely wat hy reeds aanvaar het.

Op hierdie wyse word die kind tot kerklidmaat opgevoed en gevers in en deur die kerk as samelewingsvorm - die gemeenskap van die gelowiges.

In die mate wat die priêre lewensaspek van die kerk in die realisering daarvan vir die lidmaat sin en betekenis het, in dié mate sal die lidmaat se bydrae tot die instandhouding en vering van die kerk as geloofsgemeenskap wees.

Die individuele kerklidmate met 'n selfaanvaarde en selfoortuigde godsdiens het in die geloofsfunksie van die kerkgemeenskap tot taak

die verantwoordelike skrifteersoek en die geloofswaarhede te leer ken, dit te beproef en met groter oortuiging te aanvaar. Op hierdie wyse ondergaan die geloofsbelydenis voortdurend 'n verdieping wat 'n omsetting van die persoon se hart teweegbring in die sin van bekering en 'n voortdurende normering van sy persoonlike lewe, en orals reformierend op te tree in sy wisselwerking met en beïnvloeding van adere.

Die bekering onder die name van geloof en naaste-liefde hou in die maak dat sowel die belydenis-inhoud as die handellinge van die kerk deur hom as die aksiesentrum bewustelik nagestreef moet word. Hy moet, met ander woorde, as kerklidmaat aktief deel hê en deelneem aan alle kerklike aksies na binne en na buite vir die instandhouding van die kerk.

Omdat die kerk geloofs- en liefdesgemeenskap is, moet die gelowige lidmate in hulle onderlinge samewerking en wisselwerking 'n toegesentheid jêrens mekaar betoon in die wêreld van verhoudings tussen broers en susters as naaste-liefde, wat tot openbaring kom in broederlike vermaning, teregwysing, voorbidding, liefdegawe, nagemaalsviering ensovoorts.

Die gedragswyse wat geopenbaar word deur die broeder- en susterliefde in 'n kerkgemeenskap, kan ôf vir ôf teen die kerkgemeenskap gerig wees. Die bindinge deur die liefdesverhoudings in die kerk is 'n liefdeshouding tot geloofsgenote in Jesus Christus, wat wesenlik van dié van die gesin verskil op grond van oorsprong, wese, aard en bestemming van ook die anders geaarde samelewingsverre. Die liefde tot God styg bekend alle samelewingsverre uit, en geen mens kan in sy liefdesverhoudings in die totaliteit van 'n kerkgemeenskap opgaan nie.

Om hierdie rede kan ook die kerklike kollektivisme as 'n volkskerk of staatskerk of wêreldkerk nie bestaan nie, want dit doen die werklikheid geweld aan. Daar is inderdaad en indruisbaarheid geen samelewingsverre of organisasie - nêg

die kerk nóg die straat nóg die V.V.O. of wat dan ook al - want die mens én die mensheid in sy gebondenheid aan tyd, plek en oostandigheid na al sy sinsye, aspekte of lewenssterreine kan omvat nie. Daar is wel samewerking en wisselwerking tussen die samelewingsvorme, verenigings en organisasies op grond van vervloegting in kultuursosiologiese sin en betekenis. Daarom moet ook die „integrasie-idee“ in wêreld-omvattende sin en betekenis van mens tot medemens-verhoudinge van die hand gewys word.

In die blik daarvan volgens Calvinistiese visie aanvaar ons die wysgerig-sosiologies-onvoedsundige idee en implikasies van vervloegting van die samelewingsvorm wat newshilfhand en gekoördineerd lings mekaar staan. Dit is tevens juis in die konteks van die verskeidenheid en in die verskeidenheid van die eenheid dat die Christenselowige samewerking en wisselwerking aanvaar vir lewende tussenmenslike verhoudings.

Op hierdie gronde word ook die opvoeding as samewerking en wisselwerking, van leiding gee en leiding aanvaar, gesien as die verskeidenheidstendense by die ontwikkelinge wat in én deur die verskeidenheid van die samelewing gevorm en ontwikkel word, o... ook deur die kerk saam met die ander sosiale strukture, hoewel die kerknorme vir die eindhbestemming van die mens van die hoogste waarde is.

In 'n sfeer van vryheid en relatiewe selfstandigheid, in die verskeidenheid van die veelheid, van vervloegting was die mens tot mede-

mens-verhoudings in al sy samelewing vorme reeds in ongedifferensieerde vorm van primitiewe homogene tradisionalistiese samelewing nie gelykgeskiktel nie. Hoeveel te meer geld dit dan nie in ons moderne sosiokulturele lewenswerklikheid van gedifferensieerde samelewingsvorme, van stande, bevolkingslag, vakbonde, vakunies ens. nie, - om van spesialisasie op hars elke gebied nie ons te praat nie !

Samenvattend is die siening van godsdienslike verhoudings as 'n doursnee blinde die houding in die beïnvloeding, vorming en kerklike opvoeding van die kind aangetoon. In sy gedragswyse behoort die kerk in die alledaagse konkrete lewe en lewensituasies 'n antw te wees wat die hoogste plek inneem in die persoonlike verantwoordelikeids- en normbesef - die perseonsroeping.

(2) Die verhouding tussen die skool en die kerk.

Opsommend noem ons die volgende:

- (a) Die kinders van die kerklidmate as gelowiges word deur die staat verplig om op grond van wetgewing die skool te besoek vir die onderwys in die gewone kennis, kundighede en vaardighede.
- (b) Die kerk het volgens sy wese die reg en mag tot toetsing oor die lewe, die onderrig en leer asook die wandel van sy potensiële lidmate.
- (c) Die opvoedingsbeskouing moet sy voedingsbron hê in die lewens- en wêreldbeskouing van die ouers en dus van 'n kerklike denominasie waartoe die ouers behoort.

- (d) Die kerklike toetsig impliseer sover dit die skool betref, die tug van die kerk op die ouers, die onderwysers en die kinders as kerklieders.
- (e) Die skool is geen verlengstuk van die kerk nie. Daaraan word kerkskole van die hand gewys.
- (f) Die kerk en die skool/^{besit}albei soewereiniteit in die kring. Die kerklike instansie moet wank teen die knellende owerheids-ingrype in die vryheid van die skool en moet die ouers tot aksie organiseer.
- (g) Die kerk het belang by die skoolonderwys omdat sy lidmate moet kan sorg en lew as noodsaaklike kundigheid en vaardighede by byvoorbeeld Skrifonderrig en vir die groei en groei van die kerk.
- (h) Die bestemmings- en die funderingsaksie van die kerk en die skool verskil van mekaar volgens alkeen se oorsprong, aard, wese, reëling en bestemming.
- (i) Die kerk as geloofsgemeenskap lê die lidmate in gemeenskaplike en ~~en~~ godsdienstige doel en, terwyl die skool se gemeenskaplike doel meer na die volle lewe opvoed: die skoolonderwys mond uit in die samelewing op die grensleg van die religieuse element, wat alle wêreldlike onderwys moet deursuur.

c. Die skool en die skoolopvoeding.

Dit is nie net die ouers en die onderwysers wat tot lewensleë het die opvoeding en onderwys van die jeug, van ons land nie, maar die hele menslike samelewing. Die nuwe geslag word sonder die

sosiale besit gebore, en omdat dit die sosiale besit nodig het vir sy bestaan, voortbestaan en ontwikkeling, moet dit noodwendig opvoeding en onderwys ontvang, waarvoor dit ook vatbaar is. Tewens, met die organiese opvatting is die opvoeding vanuit die gesigshoek van die gemeenskap nie net onmisbaar nie, maar dit is die lewensvoorwaarde vir die geestelike en sedelike welsyn van die gemeenskap en die individu.

Die skool het histories uit die kultuurentwikkeling ontstaan as 'n kunstige samelewingsvorm wat in georganiseerde vorm die ouergemeenskap se taak, hoofsaaklik t.o.v. die „intellektuele opvoeding“¹⁰), oorgeneem het. „Die skool het geen ander roeping as die van onderwys en opvoeding nie: die wese van die skool sal altyd bly die onderwys wat dit gee, en daardeur word dit ook 'n inrigting vir opvoeding, want alle onderwys werk opvoedend“¹¹).

Die skool besit op ~~op~~ grond van sy bestemming en lewensfunksie soewereiniteit in die kring. Die verband met die ouerhuis is: (1) Die onderwysers ontvang hulle gesag van die skoolgaande kinders se ouers en daardeur ook die gehoorsaamheid van die kinders. (2) Skoolgesag is beperk slegs tot die taak en roeping van die skoolonderwys en opvoeding, terwyl die ouergesag die hele lewensgebied van die kind omspan. (3) Daar moet intensiewe samewerking wees tussen die twee aanvullende instansies, t.w.

10. Van Dyk: Mens en medemens, p. 92.

11. Coetzee in Hoers in die krisis, deel I, p. 324.

die skool en die huis, in dieselfde rigting wat prinsipiël deur die gees en rigting van die huis bepaal word. (4) Die binding van die bloedsband ontbreekt in die skool, wat tegelykertyd die liefdeverhoudinge van 'n ander diesoortige karakter maak as die van die intieme, liefdesgemeenskap van die huis. (5) Die grondslag van die skoolopvoeding moet wees die Calvinisme, wat die belydenis is van die drie Afrikaanse kusterkerke in Suid-Afrika waartoe die huisgesinslede as kerntidmate behoort. Ingevolg hiervan moet die ouers ook die ouers van 'n Calvinistiese skool. (6) Die doelstelling van die skoolopvoeding sluit aan by die huislike opvoeding, t.w. die kennis en diens van God en ons saligheid. Die skool se doel is beperk, want sy taak is die bybring van kennis en vaardighede van die wêreld: die mens en die natuur, waarby die religieuse as die kennis van God aanvullend is. Al is dit hoofdoel vir die kerk en nie vir die skool nie, moet dit tog die wêreldlike kennis deurvoer. (7) Die mensbeskouing van die skool moet volgens Bybelse prinsipies wees. (8) Die metodes van onderrig en opvoeding en die voorskryde grense gelê in die hande van die skool as synde in ooreenstemming met die prinsipiël aanvaarde Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. (9) Die ouers het aanspreeklikheid in die onderrig en opvoeding van hulle kinders in die wetlik bepaalde instansies in soverre dit die algemene wetsyn en vordering, van hulle kinders raak en die geboue, terreine ens. waar hulle kinders onderrig word terwyl die interne organisasie en administrasie van die skoolonderrig buite die beheer van die ouers val.

Samevattend gestel, voorsien die skoolonderwys die nodige liggaamlike en geestelike vorming en opvoeding van 'n volk se jeug deurdat:

- (1) Die kinders in groepe ingedeel is of op grond van ouderdom of van intelligensiekwasiënt of willekeurig; (2) die kind geleer word om saam met ander kinders te werk en te verkeer; (3) in teenstelling met die huisgesin waar die kind voortdurend gelei, beskerm en positief gerem word, die kind in die skool in sy vryer omgang met ander sy die probleme en moontlikhede selfstandiger moet aanpak en oplos, wat hom in sy ontwikkeling vorm; (4) die sosiale kontak die kind noop tot gesonde wedywer om homself te dien, om bewus te wees van sy moontlikhede; (5) die samevyn van baie kinders samewerking, eenheid van handeling en gehoorsaamheid aan opdragte en reëls van die skool noodsaak, wat die sosiale outoriteit is, nl. die volwassenes wat die wette en reëls maak wat gehandhaaf moet word; (6) in die lig van moderne, gesonde opvoedkundige beginsels die skool 'n plek moet wees wat graag deur die kinders besoek word weens die ordebesef wat in die geestestruktuur van die mens veranker lê, plus al die noodsaaklike deure tot nougesette pligsbetragting en selfwerkzaamheid wat voortspruit uit die hantering van allerlei middels om sy kennis, ervaring, insig, begrippe, lewensideale ens. in sy persoonlikheid te vorm en te ontwikkel: om sy medemens, die samelewing en die kultuur te vorm, uit te brei en te ontwikkel volgens Godgegewe opdrag en roeping.

Samenvattend kan ons sê dat ons deur middel van die sosiologiese struktuuranalise in die kader van die Teoretiese Opvoedkunde kortliks aangetoon het wat die aard van die bydrae en die verhouding van elke onderskeie samelewingsvorm, t.w. die huis(gesin), die kerk, die staat en die skool tot die onderwys en opvoeding van die kind in sy vervlegting met die onderskeie samelewingsvorme is.

Die aard van die kennis en vaardighede in die vorming en persoonlikheidsontwikkeling van die kind hang ten nouste saam met die wese van die samelewingsvorm, d.i. waardeur dit gekwalifiseer word, en die norm, dit is die taak en roeping wat dit die lede van die onderskeie lewenskringe opleë. Dit bring soewereiniteit in die kring mee, en op grond van vervlegting is samewerking tussen huis, kerk, skool en staat noodsaaklik op die gronde soos reeds uiteengesit.

- d. Vervolgens moet ons vandag skenk aan die organisatoriese aspek, d.w.s. die verhouding van die huis, kerk, staat en die skool t.o.v. organisasieprobleme.
 - (1) Die skoolouers, hoewel nulle kerklidrate is, bepaal deur middel van die ouergemeenskap, sonder kerklitiese gronde, wat die gees en rigting van die skool moet wees, nl. Calvinisties.
 - (2) Die staat handhaaf 'n neutrale houding deur sy regverdige sin teenoor die gees van die skoolorganisasievorm wat deur die ouergemeenskap in die lewe getref is. Die voorwaarde vir neutraliteit is egter dat die lewensideologie nie staatsvernietigend mag wees nie maar ook nie kleurloos nie.

- (3) Die skool het ontstaan en ontstaan nog steeds uit die ouergemeenskap, met selfstandige ouerkeuse vir die skoolmedium van onderwys en opvoeding van hulle kinders. Ouers moet ook verstandig kies op grond van pedagogiese waarhede, bv. moedertaalonderrig.
- (4) Die kerk stig kweekskole vir die predikante, maar nie kerkskole in opposisie met sekulêre skole nie. Die kerk gee wel leiding tot aanspooring van die ouers om Christelike skole te stig en ten opsigte van die religieuse skoolopvoeding, sodat dit in harmonie is met die huislike en kerklike godsdienstige onderrig en opvoeding.
- (5) Die staat het belang by die burgers(esse) wat hy van ^{die} huise deur die skole ontvang. Daarom word nasionale skole d.i. staatsondersteunde skole, gestig op grond van die nasionale gemeenskaps- of volksbelang. Die staat handhaaf die beginsel van die sedelike reg van die individu tot opvoeding, asook die demokratiese reg van gelyke geleenthede vir blank onder blank en vir nie-blank onder nie-blank. Die staat stig skole om sy swaardmag deeglik op te lei, d.i. landmagte, lugmagte en seemagte vir sy nasionale verdediging.
- (6) Die eenheid van 'n ouergemeenskap t.o.v. godsdienst, taal en nasionaliteit is die voorwaarde vir harmoniese samewerking en gemeenskaplike doelstelling by die stigting van 'n skool.
- (7) Die instandhouding van die organisasie van die skoolwese as 'n nasionale bate en volksanker vir die geestelike en sedelike welsyn van die

samelwing van vandag en môre maar ook van volwaardig ewewigtige persoonlikhede is 'n taak van die hele samelwing wat met staatlike wetgewing belê word om in die onderwysbehoefte te voorsien.

Die beheer van die skole is in die hande van 'n verkose ouer Komitee uit die ouergemeenskap vir die nodigegenskap in die onderwys en opvoeding van hulle kinders. In die hiërargie volg administratief die skoolraad en die onderwysdepartement. Hierdie afdeling is belê met uitwendige beheer. Inwendig skakel die skoolhoof in by die hiërargie van professionele liggare, nl. die inspektoraat, hoofinspekteur van onderwys, die adjunk-direkteur en direkteur van onderwys. Beide beheerstruome ressorteer onder die gesag en mag van die Provinsiale Raad met sy dagbestuur, t.w. die L.G.R.'s.

(E) Die inhoud en metode van onderwys.

Die ouergemeenskap het oor die algemeen die eerste seggenskap t.o.v. die lewens- en ^dwêreldbeskouing, die opvoedingsdoel, die onderwysstelsel: die godsdiens, die moedertaal, die tweede taal, vaderlandse geskiedenis volgens Calvinistiese visie, Aardrykskunde, ens. Die voorgestelde leerplanne, d.i. die besonderhede van die leergange, is in hoofsaak in die hande van die skool. Die kerk se aandeel is die t.o.v. godsdiensonderrig en die Calvinistiese grondslag. Die staat se aandeel met betrekking tot die kwaliteitsvoering en opvoeding van staatsburgers verskaf 'n algemene volkswontwikkeling. Die minimum vereistes vir die deel van volksonderwys en -ontwikkeling rus op die basiese vaardighede, t.w. godsdiens, moeder-

taal, tweede taal, geskiedenis, plus ander vaardigheds- en kennisvakke.

Die metode en tur by skoolopvoeding berus op gesonde beginsels. Die voorwaarde is dat onderwysers selfstandig besluit. Die toegas van die allerjongste bevindings en aanbevelings op opvoedkundige gebied vereis studie en besinning. Sommige indien nie die grootste persentasie van ons onderwysers nie het hulle opleidingskursus baie jare gelede voltooi en nog nooit weer probeer om hulle te oriënteer t.e.v. die huidige gangbare rigtinge nie; om nie te praat van o.a. daardie onderwysstelsel wat'n uitvloeisel is van die opvoedingsrigting wat sy fondament in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vind nie! In hierdie lig moet die Afrikaanse Susterkerke die onderwysstelsel van harte verwelkom - hoe eerder, hoe beter. Die staat skakel met die direkteur van onderwys, en lg. behoort 'n vakkundige te wees. Ten besluite word die onderwyser beskerm deur die tugregulasie. Die metode en tuguitoefening moet gesond en regverdig wees.

Laastens moet ons wys op die verskil tussen staatskole en staatsondersteunde skole. Bersgenoemde is onverenigbaar met die historiese agtergrond van die beginsels wat weerspieël word in die praktyk van wat by die Afrikaner gegeld het. Bingle wys tereg daarop dat die Unie begin het met 'n onderwysstelsel wat lewensvreemd aan die Afrikaner is, vandaar die proteste van die C.L.O.-voorstanders ¹²⁾.

In die kader van die Opvoedkundige teorie met die meerdere kennis en ontwikkeling van die Sielkunde en die

12. Bingle, H.J.J.: „Quo Vadis, opvoeder? Hervorming van ons onderwys" in Roers; Maandblad vir Calvinistiese denke, deel LXVI, nommers 7 en 8, Jan.-Febr. 1959, p. 246.

Sosiologie en veral t.o.v. die oorbeklemtone van die sosiologiese aspek word eweneens dit oorbenedruk wat wesen vreed is aan die die geskiedenis en godsdienstige oortuigings van die Afrikaner. In sy diepste wese vind hierdie onderwysstelsel sy grond in die opvoedingsrigting gebou op die sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing. Wysgerig is dit 'n proses van indoktrinering van sosialistiese lewenswaardes wat reeds in die laerskool begin, en dit vorm die fondament vir die verdere ontwikkeling en vorming van die mens.

Hiermee sluit ons dan aan by ons probleemstelling.